



**UNIVERSITY OF THE WESTERN CAPE
UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND**

**This book must be returned on or before the
last date shown below.**

**Hierdie boek moet terugbesorg word voor of op
die laaste datum hieronder aangegee.**

**NB: Telephonic renewals only between 19h30-22h00
at issue desk 9592946**

RETURNED
4 JUN 2003


2003 -10- 27

2003 -12- 19



**UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE**

30001546339872



TAALBEPLANNING VIR VEELTALIGHEID:

'N SUID-AFRIKAANSE PERSPEKTIEF

deur

CHRISTA LEONIE VAN LOUW


*voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die graad Magister Artium
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Wes-Kaapland*

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Studieleier: Dr. I van de Rheede

Mede-studieleier: Prof. T.H. Links


Inlewingsdatum: Desember 1994





UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

THE



Hiermee bevestig ek, Christa Leonie van Louw dat die meestersverhandeling, *Taalbeplanning vir veeltaligheid: 'n Suid-Afrikaanse perspektief*, my eie werk is en dat alle bronmateriaal wat ek gebruik het, deeglik aangedui word.



.....
CHRISTA L. VAN LOUW

UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

Desember 1994

ABSTRAK

Die teoretiese tradisie aan die basis van die navorsingstuk is dié van die sosiolinguistiese teorie. Eksponente van hierdie teorie, maak benewens die linguistiese ook bemoëienis met die sosiale dimensie van taal. In aansluiting by Rubin & Jernudd (1971: xiv) wat argumenteer dat taalbeplanning deel van sosiale verandering is en daarom onderhewig is aan reëls van hierdie tipe verandering, kan taalbeplanning nie in isolasie geskied met sosiale beplanning nie.

Hierdie studie is 'n ondersoek na die wyse waarop veeltaligheid hanteer word. In hierdie verband word ingegaan op die rol van buitelinguistiese faktore in die taalbeplanningsprosesse. Vanuit 'n sosiolinguistiese perspektief word taalbeplanning noodwendig beïnvloed deur breër sosiale faktore soos ekonomiese, sosiale, politieke, demografiese en psigologiese. Hierdie studie ondersoek die rol van nasionalisme, meer spesifiek Afrikaner-nasionalisme, in die hantering van die veeltalige karakter van Suid-Afrika. Daarbenewens word 'n oorsig gebied van die wyse waarop enkele Afrikalande met onafhanklikheid hul veeltaligheid hanteer het. Daar word veral gefokusseer op die rol van kolonialisme asook op welke wyse die breër politieke strewe van nasiebou die uiteindelijke formulering van die taalbeleid beïnvloed het. In die lig van die voorafgaande word 'n kritiese analise gegee van die voorgestelde taalbeleid vir 'n veranderde Suid-Afrika.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING	1 - 6
------------------------------------	-------

HOOFSTUK 2: TEORETIESE FUNDERING

2.1 Inleiding	7 - 14
2.2 Korpusbeplanning	14 - 16
2.3 Statusbeplanning	16 - 20
2.4 Statusbeplanning as bron vir taalkonflik	20 - 22
2.5 Korpusbeplanning as bron vir taalkonflik	22 - 27
2.6 Taalbeplanning en Taalideologie	27 - 30



HOOFSTUK 3: 'N KRITIESE ANALISE VAN ENKELE TAALMODELLE	
---	--

IN AFRIKA

3.1 Inleiding	31
3.2 Die aard van kolonialisme	31 - 33
3.2.1 Die Franse koloniale taalbeleid	34 - 35
3.2.2 Die Portugese koloniale beleid	35 - 36
3.2.3 Britse koloniale taalbeleid	36 - 38

3.3	Post-koloniale Taalbeleid	38 - 41
3.3.1	Taalbeplanning in Namibië	41 - 47
3.3.2	Taalbeplanning in Nigerië	47 - 51
3.3.2.1	Die koloniale taalbeleid in Nigerië ✓.	49 - 51
3.3.2.2	Die rol van kolonialisme in die ✓ taalbeleid van onafhanklike Nigerië	51 - 56
3.4	Samevatting	56 - 57

HOOFSTUK 4: TAALBEPLANNING BINNE SUID-AFRIKA:

DIE ROL VAN AFRIKANERNASIONALISME

4.1	Inleiding	58
4.2	Afrikanernasionalisme en Afrikaans	58 - 68
4.2.1	Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings	68 - 69
4.2.2	Die rol van Suid-Afrikaanse koerante	69 - 70
4.2.3	Die rol van die Nederduits Gereformeerde Kerk	70 - 71
4.3	Afrikaans as instrument van verdrukking	71 - 74
4.4	Die Afrikanernasionalis en onderwys	74 - 78
4.5	Die invloed van Afrikanernasionalisme op die posisie van ander Suid-Afrikaanse tale	78 - 82

HOOFSTUK 5: 'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE TAALBELEID

VIR 'N VERANDERDE SUID-AFRIKA

5.1 Inleiding 83 - 88

5.2 Die bepalings van die Grondwet 88 - 92

5.3 'n Evaluasie van die nuwe taalbeleid aan die
hand van taalideologiese modelle 92 - 95

5.4 'n Evaluasie van die praktiese uitvoerbaarheid
van die nuwe taalbeleid 95 - 102

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING EN SLOT 102 - 107

BRONNELYS 108 - 134



UNIVERSITY *of the*
WESTERN CAPE

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Die posisie van die verskillende tale in Suid-Afrika hou direk verband met die verspreiding van die politieke mag. Daarom sal 'n verandering in magsverhoudinge in die maatskappy noodwendig ook die relasies van tale tot mekaar beïnvloed. Die verbondenheid tussen politieke mag en taalstatus word veral duidelik geïllustreer deur die bevoorregte posisie wat Afrikaans en Engels vir 'n lang tyd in Suid-Afrika beklee het. Die posisie van Engels hou direk verband met die politieke en ekonomiese mag wat gesetel was in die hande van eertydse koloniale magte. Die posisie van Afrikaans kan herlei word na die stryd om die vestiging van Afrikanerheerskappy.



Suid-Afrika se taalbeleid, waardeur slegs Engels en Afrikaans verhef is tot ampstaalstatus, het in diens gestaan van 'n wit minderheidsgroep. Dit is dus duidelik dat die belange van die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking nie daarmee gedien was nie. Die gevolg van dié taalbeleid is dat toegang tot die amptelike tale vir 'n groot groep Suid-Afrikaners ontsê is. Dit hou in dat sprekers van ander Suid-Afrikaanse tale uitgesluit is van die magstrukture in die maatskappy, waar Engels en Afrikaans noodwendig die omgangstaal sou wees. In hierdie verband toon Pietersen (1980: 149) aan hoe taal as magsinstrument aangewend word: "Zij schenkt en blokkeert

functies, bevoorrecht bepaalde groepe en skermt andere af van privileges, geeft toegang tot een bepaalde kultuur en grendelt de toegangsweg af, skeep onderwiskansen en maak ze onmogelik, geeft macht en sluit macht uit."

Hierdie onregmatige posisie van Afrikaans en Engels is die produk van 'n politieke beleid wat die erkenning van basiese menseregte, soos taalregte, beperk het tot twee segmente van die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap. Vader Smangulisa Mhkatshwa (1989: 1), 'n bekende politieke aktivis, spreek hom tydens die *Taal en Stryd*-konferensie te Durban soos volg uit: "English and Afrikaans have taken a disproportionate role in cultural production and communication because of their status as official languages."




Hierdie bevoorregte rol is in 1925 aan Afrikaans en Engels toegesê. Die uitgangspunt was dat dié twee tale gelykwaardig behandel moet word en as sodanig gelyke regte en voorregte moet geniet (Reagen, 1984: 135). Dié status van Afrikaans is onlosmaaklik verbonde aan die politieke en ekonomiese magposisie van die Afrikaner. Die bevordering van Afrikaans het hand aan hand geloop met die opkoms van Afrikanernasionalisme. Met die Nasionale Party se bewindsoorname in 1948 sou die taalbeleid ook so geformuleer word dat dit die belange van die Afrikaner kon dien. Die verbondenheid tussen mag en taalbeplanning is universeel en nie beperk tot die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Williams (1986: 81) belig hierdie band tussen politieke beplanning en taalbeplanning: "It is high time that we recognize that Language Planning is undertaken by those who are in position

of power to undertake such policies and is therefore designed to serve and protect their interest."

Hierdie situasie in Suid-Afrika het oor dekades heen daartoe aanleiding gegee dat Afrikatale, net soos hul sprekers, ten opsigte van ontwikkeling verwaarloos is. Die tale is in die proses verdring tot 'n posisie van onderhorigheid. Peter Mtuzze (1990: 4) verwys met sy aanvaarding van die leerstoel in Xhosa aan die Rhodes-universiteit na hierdie tale as: "the underdogs in the present dispensation".


Die voortslepende kulturele krisis in Suid-Afrika dwing dominante politieke rolspelers egter tot herbesinning. Om die wrange erfenis van die verlede reg te stel, besef dié partye dat die posisie van Afrikaans en Engels herbedink moet word - nie as heerserstale nie, maar as twee van die vele Suid-Afrikaanse tale.



Hierdie samelewing staan op die vooraand van grootskaalse politieke verandering en ingrypende transformasie. Sedert 1973, maar veral na 1976, word Suid-Afrika gekenmerk deur onafgebroke politieke opstand. Dié verset was gerig op die skepping van 'n stelsel waarbinne die menseregte van alle Suid-Afrikanners erkenning sal geniet. In die lig van die verbintenis tussen politieke beplanning en taalbeplanning, sal die strewe om 'n regverdige politieke bedeling ook 'n strewe om 'n regverdiger taalbedeling omvat. Anders as in die verlede, sal taalbeplanning in die taalbehoefte van alle

Suid-Afrikaners moet voorsien. Kelman (1971: 48) stel die doel van taalbeplanning as volg: "Language policies ought to meet the needs and interests of all segments of the population effectively and equitably."

Die huidige veranderinge in die politieke arena het gelei tot 'n verskuiwing in die politieke magsbasis. Hierdie verskuiwing sou ook nie die posisie van Afrikaans onaangeraak laat nie, juis omdat Afrikaans se posisie as amptelike taal onlosmaaklik verbonde is aan die magsposisie wat die Afrikaner vir dekades in Suid-Afrika bekleed het. Die posisie van alle ander tale in Suid-Afrika sal noodwendig ook deur die politieke magsverskuiwings beïnvloed word.



Gegee die historiese erfenis, waardeur Engels en Afrikaans ten koste van ander Suid-Afrikaanse tale ontwikkel is, is die realiteit dat dié tale se korpusse nie "gereed" is om spesifieke taalfunksies te verrig nie. Taalbeplanners sal dus, om reg te laat geskied aan 'n regverdiger taalbeleid, ook hiermee rekening moet hou in hul herbesinning om 'n nuwe taalbeleid vir Suid-Afrika.

Deelnemers aan die algemene taaldebat word opnuut gekonfronteer met die veeltalige karakter van die land. Lê die oplossing vir Suid-Afrika se talige "probleem" in die politieke miskiening van sy veeltaligheid of in die politieke erkenning daarvan?

Die meeste ontwikkelde en ontwikkelende lande word op 'n gegewe moment met hul veeltaligheid gekonfronteer. Veeltaligheid word in die taalbeplanningsproses op een van twee maniere hanteer: 'n erkenning daarvan deur politieke bestaansreg aan alle tale te gee óf 'n miskenning daarvan deur linguistiese superioriteit aan een of twee tale te verleen. Die heersende politieke orde van 'n samelewing is bepalend in die keuse van een van die opsies.

Taalbeplanning in Suid-Afrika dien as 'n goeie illustrasie. So byvoorbeeld kan Engels se onregmatige posisie toegeskryf word aan imperialisme wat in wese verdrukkend van aard is. Afrikaans se status kan toegeskryf word aan Afrikanernasionalisme wat opsigself ontaard het in 'n vorm van imperialisme. Tans word die belangrikheid van die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie vooropgestel. Nasiebou vir Suid-Afrikaners beteken egter nie die miskenning van die verskeidenheid nie, maar veel eerder 'n erkenning daarvan. Die vraag wat dus met reg gevra kan word, is of die talige "probleem" van Suid-Afrika ook op hierdie wyse aangespreek moet word?

Die doel van hierdie studie is om die rol van buitelinguistiese faktore in die taalbeplanningsproses te ondersoek. In dié verband sal ingegaan word op die wyse waarop enkele Afrikalande met onafhanklikheid hul talige probleem "hanteer" het. Die rol van kolonialisme en die breër politieke strewe na nasiebou in die uiteindelijke formulering van 'n taalbeleid sal dan oorweeg word. Daarna sal 'n oorsig gegee word van die rol van nasionalisme, meer

bepaald Afrikanernasionalisme, in die hantering van die veeltalige karakter van Suid-Afrika. Voorts sal ingegaan word op die invloed van die politieke veranderinge in Suid-Afrika op die taalbeplanningsproses deur 'n kritiese evaluasie te bied van die voorgestelde taalbeleid soos vervat in die Grondwet.

In die volgende hoofstuk sal breedvoerig ingegaan word op die teoretiese fundering van hierdie navorsing.




HOOFSTUK 2

TEORETIESE FUNDERING

2.1 INLEIDING

Die belangrikheid van taalbeplanning het reeds wêreldwyd onder linguïste veld gewen. Die konsep van taalbeplanning word daarom reeds indringend in die literatuur beskryf. In hierdie hoofstuk word van die vernaamste vertrekpunte van die dissipline bespreek.



In die literatuur oor taalbeplanning word daar 'n onderskeid getref tussen taalbeplanning as aktiwiteit en taalbeplanning as studierrein. Vergelyk in die verband die onderskeid tussen die "teorie van taalbeplanning" en die "aktiwiteit" wat Tauli (1968: 27) tref en Fishman (1974b: 15) se onderskeid tussen die "praktiese" en "navorsingsaspekte" van taalbeplanning.

Die oorsprong van die taalbeplanningsaktiwiteit is ver terug in die geskiedenis van die mensdom te vind en daarom moeilik te bepaal. Vergelyk in hierdie verband die geskiedenis rondom die toring van Babel. Dit was egter eers in die twintigste eeu dat linguïste veral die behoefte vir die vestiging van 'n vertakking in die taalwetenskap ervaar het. Hierdie vertakking, die Teorie van Taalbeplanning, behels: "a science which

methodically investigates the ends, principles, methods and tactics of language planning" (Tauli, 1968: 27). Die argument is dat die versekering van enige voortreflike taalbeplanningsaksie opgesluit lê in die begroning daarvan op 'n wetenskaplike teorie, behoorlike beginsels en navorsingsmetodes (Du Plessis 1991).

Die mening is egter uitgespreek dat daar nog nie werklik geslaag is in die skepping van 'n volwaardige teorie vir taalbeplanning nie (Du Plessis, 1991: 58, Williams, 1986: 509). Du Plessis (1991: 59) wys daarop, dat die betrokke werke hoogstens geklassifiseer kan word as bronne waarin konseptuele aspekte van taalbeplanning behandel word. Voorts toon hy aan dat die stadium van verklaringsadekwaatheid, dit wat kenmerkend van 'n teorie is, nog nie in hierdie werke bereik is nie.



Ondanks die mening van sommige linguïste (Du Plessis, 1991 en Williams, 1986) dat daar vir taalbeplanning nog nie 'n volwaardige teorie ontwikkel is nie, bied ander soos Appel en Muysken (1987) bepaalde teorieë. Hulle tref 'n onderskeid tussen twee teorieë, te wete die teorie van instrumentalisme en die sosiolinguïstiese teorie (Appel en Muysken, 1987: 49).

Eersgenoemde teorie, waarvan Tauli (1968) 'n groot voorstaander is, hou verband met die uitgangspunt dat taal 'n instrument is en dat dit onderhewig is aan evaluering, verandering, regulering en verbetering (Tauli, 1968: 11). Linguïste beskik sins insiens oor die vermoë om waardeoordele te fel met

betrekking tot die gebruiksmoontlikhede en onlogiese of onduidelike strukturelemente van taal. Dit kom daarop neer dat dit vir linguïste moontlik is om 'n "ideale taal" te kan konstrueer. Du Plessis (1991: 59) abstraher die volgende vereistes waaraan só 'n taal moet voldoen:

- * kommunikatiewe helderheid en effektiwiteit (dit moet alle noodsaaklike inligting asook alle moontlike betekenisnuanseringe kan oordra)
- * ekonomie (dit moet so maklik as moontlik wees vir beide die spreker en die hoorder)
- * estetika (dit moet 'n estetiese vorm hê)
- * elastisiteit (dit moet maklik aangepas kan word vir nuwe take soos die uitdrukking van nuwe betekenisonderskeidings)

Die instrumentalistiese benadering tot taalbeplanning, toon egter die leemtes omdat dit bloot gerig is op korpusbeplanning. Statusbeplanning kom nie eers ter sprake nie. Voorts wil dit te kenne gee dat tale vanuit 'n bepaalde uitgangspunt geëvalueer kan word om sodoende die "beste een" uit te kan wys. Eksponente van hierdie teorie wil dus oplossings vir talige probleme vanuit 'n suiwer linguïstiese perspektief bied. Hierteenoor maak eksponente van die sosiolinguïstiese teorie benewens die linguïstiese, ook bemoenings met die sosiale dimensie van taal.


Só gesien, kan taalbeplanning dus nie in isolasie met sosiale beplanning geskied nie. In hierdie verband argumenteer (Rubin & Jernudd, 1971: xiv)

as volg: "Language planning as part of social change is subject to the rules of this kind of change". Vanuit 'n sosiolinguistiese oogpunt dus, word taalbeplanning noodwendig beïnvloed deur breër sosiale faktore soos ekonomiese, sosiale, politieke, demografiese en psigologiese. Die sosiolinguistiese teorie is dan ook volgens Appel & Muysken (1987: 49) gebaseer op twee beginsels: eerstens dat alle bekende tale simboliese stelsels is wat 'n gelyke, "ingebore" waarde besit. Die tweede beginsel waarop hierdie teorie gebaseer is, hou in dat taalbeplanning nie net met tegniese aspekte van taal rekening behoort te hou nie, maar ook met sosiale aspekte. Dié vertrekpunt hou verband met die volgende argument ten opsigte van taal: "Languages are produced by people in their daily, social interactions. They have different social values, and peoples' identities are strongly linked to the language they speak" (Haugen aangehaal deur Appel en Muysken, 1987: 50). Die eerste beginsel bring die verskil tussen instrumentalistiese en sosiolinguistiese aan die lig. Anders as die instrumentalistiese wat "beter" en "swakker" tale onderskei, onderskryf sosiolinguistiese die gelykwaardigheid van alle tale.

Appel en Muysken (1987: 51) beskou taalbeplanning as 'n vorm van sosiale/ maatskaplike beplanning, wat primêr rekening moet hou met die sosiale status van 'n taal, die gebruik daarvan onder verskillende sosiale omstandighede en die verhouding daarvan met die identiteit van 'n verskeidenheid sprekers.

As taalbeplanningsteorie is die sosiolinguistiese teorie egter nie gevrywaar van kritiek nie. Du Plessis (1991: 65) belig die leemtes daarvan. Hy wys daarop dat dit eerstens te algemeen betrekking het op die sosiale verbondenheid van taal. Tweedens bied dit nie werklik verklarings vir die bestaan van 'n verskynsel soos taalbeplanning nie. Die teorie behandel derdens ook nie die dryfvere vir taalbeplanning nie.

Meningsverskille sou egter nie die debat rondom taalbeplanning kortwiek nie. Intendeel dit sou veel eerder bydra tot verdere besinning oor dié aangeleentheid, wat onder andere verskeie definisies rakende die konsep tot gevolg gehad het. Hierdie definisies sou in terme van hul fokus, op verskillende aspekte van taalbeplanning slaan. In hierdie verband identifiseer Du Plessis (1991: 69) prominente kategorieë definisies en som hy die verskillende denkwyses binne die volgende vier kategorieë op:

- 
- * taalbeplanning as 'n oplossing vir taalprobleme
 - * taalbeplanning as 'n agent/vorm van taalverandering
 - * taalbeplanning as 'n vorm van taalmanipulering
 - * taalbeplanning as 'n vorm van sosiale ingryping

Dit is nie te betwyfel dat die verskillende definisies verskillende aspekte van taalbeplanning aksentueer nie, maar taalbeplanning, in sy totaliteit, impliseer altyd deur die oorblywende kategorieë. Beplanning van watter aard ookal impliseer 'n doelbewuste keuse tussen alternatiewe wyses om probleme op te los - 'n keuse wat gemaak word op die basis van 'n doelbewuste poging

om die gevolge daarvan te probeer voorspel (Thornburn, 1971: 254). Ten opsigte van taalbeplanning sou dit eerstens beteken dat daar die een of ander probleem met die talige situasie ondervind word wat die soeke na "oplossings" van stapel sal stuur. Dít sal noodwendig die situasie veranderd laat. Voorts het enige beplanning iets spesifieks ten doel en is die metodologie, ten einde die doel te verwesenlik, uit die aard van die saak deel van die beplanningsproses. Van der Merwe (1989: 104) se definisie van taalbeplanning fokusseer byvoorbeeld op beide die manipulatiewe sowel as die probleemoplossende aard van taalbeplanning, maar die ander kategorieë word wel geïmpliseer, vergelyk: "Taalbeplanning [kan] beskou word as die doelbewuste manipulasie van 'n variëteit/variëteite se vorm (struktuur) en/of funksie(s) met die doel om taalprobleme op te los".

Die blote feit dat daar sprake is van manipulasie dui enersyds op 'n gerigtheid om die huidige (of dit betrekking het op die korpus of status of beide van 'n taal) te verander (taalbeplanning en taalverandering) en andersyds om doelbewus in te gryp (taalbeplanning en sosiale ingryping).

'n Mens sou in die lig van die voorafgaande kon wonder of daar taalbeplanning sonder talige probleme kan wees. Die antwoord op hierdie vraag kan sekerlik nie 'n eksplisiete nee wees nie, omdat niks of niemand taalbeplanners kan verhoed om te probeer voorspel watter probleme verwag kan word nie. Die literatuur oor taalbeplanning (sowel as die voorafgaande) bring egter aan die lig dat dit jús talige probleme is wat die proses van

taalbeplanning aktiveer, of dit reeds ondervind word of geantisipeer word. Okonkwo (1977: 40) stel dit as volg: "Language planning presupposes that there exists a language problem or that there is the possibility of the future occurrence of a language problem". Die vraag wat sekerlik met reg afgevrá kan word, is wat presies behels talige probleme of wat presies is die talige probleme wat na verwys word.

Okonkwo (1977: 40) som dít wat as talige probleme ervaar word goed op wanneer hy verskillende standpunte daarvan bespreek. Ferguson (1968) byvoorbeeld, beskou dit as "a lack of standardization, and a lack of modernization, where graphization, standardization and modernization can be regarded as the features of an ideal "developed" language." Hierteenoorsien Haugen (1966b) talige probleme (in die lig van die situasie in Noorweë) as "the lack of consensus as to whether the national language should be characterized by authenticity or modernity". Aan die anderkant voorsien Tauli (1968) "the so-called "imperfection" of natural languages" as 'n talige probleem. 'n Ander tipe "probleem" wat Okonkwo (1977) bied is "the lack of common universal language for interethnic communication, and more importantly, for communication between nations".

Dit is dus duidelik dat die aard van die talige probleem kan verskil van situasie tot situasie. Die talige probleme wat die meeste lande ervaar, is egter hoofsaaklik gesetel in die toekenning of hertoekenning van taalfunksies en daarmee gepaardgaande die "voorbereiding" van die tale om die spesifieke

funksies te verrig. Met ander woorde, in korpus- en statusbeplanning. Daarom sal taalbeplanning as 'n oplossing vir talige probleme (Fishman, 1972: 46) noodwendig gerig wees op óf korpus- óf op statusbeplanning óf beide, ('n onderskeid wat Kloss 1969 tref). Die onderskeibaarheid van die twee taalbeplanningsaktiwiteite, naamlik korpus- en statusbeplanning, is gesetel in die aard van die aktiwiteite self.

2.2 KORPUSBEPLANNING

Onder korpusbeplanning ressorteer toekomsgerigte beplanningsaksies wat verband hou met die vorm van die taal, byvoorbeeld die alfabet, die spellingskwessies, morfologie, sintaksis, leksikografie en so meer. Haugen (1969: 701) toon die verskillende gevalle van korpusbeplanning naamlik, kodifisering, uitbreiding, kultivering en standaardisering aan, wanneer hy taalbeplanning as volg definieer: "Language Planning is the normative work of language academics and committees, all forms of what is commonly known as language cultivation, and all proposals for language reform or standardization". Gorman (1973: 73) sluit hierby aan in sy definisie van taalbeplanning, vergelyk: "[it] refer to coordinated measures taken to select, codify and, in some cases, to elaborate orthographic, grammatical, lexical, or semantic features of a language and to disseminate the corpus agreed upon". Die kodifisering van 'n taal (norm) het te make met die taak van 'n individu wat informeel en besluit om eksplisiete, gewoonlik 'n geskrewe vorm te gee aan die gekose norm. Grafologisering, soos Ferguson (1968: 29)

daarna verwys, is gewoonlik die eerste stap, gevolg deur grammatikalisering, wat die formulering van reëls vir "korrekte" grammatika behels. Die volgende stap sou wees die keuse van 'n toepaslike leksikon - leksikalisering. In wese behels kodifisering ook die toekenning van styl asook die area van gebruik van woorde.

Die uitbreiding van 'n taal sluit nou aan by die kultivering van 'n taal. Dit word volgens Neustupny (1974: 78) gekenmerk deur 'n belang in vroeë na korrektheid, effektiwiteit, linguistiese vlakke vir gespesialiseerde funksies, probleme rondom styl, beperkinge op kommunikatiewe kapasiteit, ensovoorts. Met ander woorde, alhoewel parole (taalgebruik) in aanmerking geneem word, bly die sentrale fokus langue (taalkode).



Die standaardisering van 'n taal loop hand aan hand met die prosesse betrokke by die kodifisering van 'n taal, want 'n standaardtaal is per slot van sake volgens Mathiot (aangehaal deur Garvin, 1973: 104), 'n gekodifiseerde vorm wat aanvaar word deur en as norm dien vir die breër spraakgemeenskap. Daarom het die funksies van 'n standaardtaal ten doel om 'n standaardnorm daar te stel, wat as verwysingsraamwerk moet dien, sowel as simboliese funksies het wat verband hou met eenheids-, separatistiese- en prestige-funksies (Ferguson, 1968: 785-787). Met ander woorde, die standaardtaal is die norm wat, afgesien van dialektiese verskille, moet dien as die bewerkstelling van eenheid binne 'n groter spraakgemeenskap. Tweedens het dit 'n onderskeidende funksie en derdens verleen dit prestige

aan 'n bepaalde spraakgemeenskap wie se norm ontwikkel is tot die standaard. In die vierde plek dien dit as die maatstaf vir "korrektheid".

Korpusbeplanning is dus (soos die naam ook aandui) daarop gerig om verandering in die korpus van die taal teweeg te bring. Hierteenoor hou statusbeplanning die beplanning van veral die funksiegebruik van 'n bepaalde taal in.

2.3 STATUSBEPLANNING

Statusbeplanning kom ter sprake wanneer taalbeplanning verband hou met die verandering of behoud van 'n taal se status. Anders gestel, het taalstatus te make met die betrokke taal se relasie tot ander tale of taalbehoefes van die nasionale regering (Cobarrubias, 1983: 41). Taalstatus en taalfunksie is baie duidelik nie sinoniem nie, maar die wisselwerking tussen dié twee is nie te betwyfel nie. Verskillende tale kan verskillende funksies hê - hoër of laer, en die tipe funksie sal dus bepalend wees vir die status van 'n taal - hoog of laag, of omgekeerd.

'n Taal kan volgens Steward (1968) een of meer van die volgende funksies beklee:

- amptelike taal
- provinsiale taal
- breër kommunikasietaal

- nasionale taal
- internasionale taal
- groepstaal
- taal van onderwys
- hoofstadstaal
- taal as skoolvak
- taal van die letterkunde
- taal van godsdiens

Steward (1968) voer verder aan dat die mate waartoe 'n taal oor die volgende kenmerke, naamlik graad van standaardisasie; die graad van outonomie; die taaltradisie en groeikragtigheid beskik, bepalend sal wees in die tipering van 'n taal as óf standaardtaal; 'n vernakulêr; 'n klassieke taal; 'n pidgin of kreool. Hy gaan voort en argumenteer as volg: "Social characteristics can have an effect on the role which a particular language system may assume in the linguistic makeup of a multi-lingual polity (1968: 533).

Die taalbeplanningsaksies, naamlik korpus- en statusbeplanning is duidelik onderskeibaar, soos dit ook weerspieël word in taalbeplanningsdefinisies. Vergelyk in hierdie verband Rubin & Jernudd (1971b: xvi) asook Karam (1974: 105), wanneer hulle onderskeidelik in hul definisies van taalbeplanning hierdie onderskeid impliseer, vergelyk: "Language planning is deliberate language change: that is, changes in systems of language code

or speaking or both". "[Language planning] ... attempts to solve a language problem, ... which focuses on either language form or language use or both". Belangrik egter is die feit dat alhoewel die twee taalbeplanningsaksies (korpus- en statusbeplanning) onderskeibaar is, is dit beslis nie-skeibaar.

Die toekenning van taalfunksies is in die algemeen 'n respons op buitelinguistiese faktore soos die ekonomiese, politieke en maatskaplike faktore (vergelyk Corson, 1990: 19). Die toekenning of hertoekenning van taalfunksies hang egter in die meeste gevalle af van die korpus van die taal self (Cobarrubias, 1983:41). Wardhough (1987: 336) sluit hierby aan wanneer hy van mening is dat die korpusbeplanning van 'n taal daarop gerig is om die taal sodanig te ontwikkel sodat dit "instaat" is om die toegekende taalfunksies uit te kan voer.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die oorweging en die besinning oor die verandering of behoud van taalstatus impliseer dus dat die gekose norm se korpus alreeds "gereed" is om sodanige funksie te verrig. Indien nie, sal doelbewuste pogings aangewend word om die korpus van die betrokke taal gereed te kry om die spesifieke funksie te verrig. Net so sal die oorweging om 'n taal se korpus te verander 'n doelbewuste en doelgerigte oorweging wees om aan die "voorbereide" taal 'n spesifieke funksie toe te ken. Taalbeplanning is per slot van sake, "a very conscious attempt at intervention in the self-adopting process of language and of sociocultural development" (Halliday, 1972). Die wisselwerking of te wel die nie-skeibaarheid van korpus- en statusbeplanning is dus nie te

betwyfel nie.

Alhoewel hierdie onderskeie (maar nie-skeibare) taalbeplanningsaktiwiteite (veral korpusbeplanning) op linguistiese gronde berus, het buitelinguistiese faktore 'n beduidende rol te speel (Garvin, 1973: 69). Cooper (1989: 35) brei verder hierop uit wanneer hy daarop wys dat taalbeplanning (hetsy korpus- of statusbeplanning) nie alleen gerig is op die oplossing van talige probleme nie. Hy gaan voort en argumenteer as volg: "Language planning ... typically carried out for the attainment of nonlinguistic ends such as consumer protection, scientific exchange, national integration, political control, economic development, the creation of new elites or the maintenance of old ones, the pacification or cooption of minority groups, and mass mobilization of national or political movements".



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is dan ook hierdie buitelinguistiese faktore wat daartoe bydra dat taalbeplanningsaktiwiteite (korpus- en statusbeplanning) bron vir konflik word. Daarom moet taalkonflik dus nie gelees word as konflik tussen tale nie, maar veel eerder as konflik tussen die sprekers van sodanige tale. In hierdie verband redeneer Nelde (aangehaal deur Webb, 1991: 608) as volg: "Language conflicts arises from the confrontation of differing standards, values, and attitudes structures and strongly influence identity image, upbringing, education and group consciousness". Die aard van die konflik is dus meer polities, ekonomies en kultureel wat dikwels gemanifesteer word in taalkonflik. Om hierdie rede is dit belangrik dat taalbeplanners, hetsy

akademici of agente van die regering, altyd deur rekening moet hou met die sosio-kulturele verbondenheid van taal. Met ander woorde, ten einde taalkonflik te verminder of totaal te elimineer, moet daar rekening gehou word met diegene vir wie daar beplan word.

As taalbeplanning dus ten doel het om taalkonflik so ver as moontlik uit te skakel, kan die "moeilikhedsgraad" van taalbeplanning vir 'n veeltalige gemeenskap voorgestel word. Dié taak word verder bemoeilik deurdat alle tale ewe goeie kandidate is vir die verrigting van die een of ander hoër taalfunksie. Dit is dan juis die ongelyke bedeling van taalfunksies (statusbeplanning) enersyds en taalinterne ontwikkeling (korpusbeplanning) andersyds, wat implisiet aanleiding gee tot taalkonflik.



2.4 STATUSBEPLANNING AS BRON VIR TAALKONFLIK

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Statusbeplanning, soos vroeër uitgespel, hou die beplanning van veral die funksiegebruik van 'n bepaalde taal of variëteit in.

Die gronde waarop die selektering en keuring van tale geskied, ten einde bepaalde funksies te verrig, gee dikwels aanleiding tot taalkonflik. Die hóé en wát (wat taalrolle betref), is gewoonlik uitsluitlik die taak van diegene met politieke en ekonomiese mag, soos Kloss (1969) dit ook stel wanneer hy sê dat statusbeplanning basies die taak van politici, staatsmanne, óf 'n wetgewende liggaam is.

Die mate waartoe taalbeplanners die taalbehoefte van diegene vir wie daar beplan word akkomodeer, kan taalkonflik verhoed of aktiveer. Taalkonflik word dus in die hand gewerk wanneer taalbeplanners nie die taalbelange van die gemeenskap op die hart dra nie, en taalbeplanning aanwend om hul eie (dikwels enge politieke-ideologiese) belange te dien. Daarom moet taalbeplanners altyd rekening hou met die volgende aspek van taal: "For every distinctive group or community its language is very often the symbol of its uniqueness and identity, of its most cherished traditions and cultural heritage (Nadkarni, 1991: 151).

Taalbeplanners vir 'n veeltalige gemeenskap sit voorwaar met 'n gewigte taak, veral as hul primêre doelwit is om erkenning te gee aan die bestaansreg van alle tale of variëteite van 'n taal. Só 'n taalplan moet dus voorsiening maak vir die behoefte om tussengroepe (intra) en tussen groepe (inter), om op nasionale en internasionale vlak te kan kommunikeer. Die probleme slui gewoonlik na die keuringsproses in, want die keuse vir 'n bepaalde alternatief, sluit noodwendig ander uit en daarmee saam die sprekers van die uitgeslote alternatiewes. Taalbeplanning vir 'n veeltalige gemeenskap word dus 'n probleem wanneer die taalplan nie erkenning gee aan die veeltalige karakter van die gemeenskap nie. Met ander woorde, wanneer dit die produk is van die miskening van die veeltaligheid. Só 'n taalplan sal uiteraard nie kan ontkom aan die probleem vir taalbeplanning in 'n veeltalige opset nie, wat Nadkarni (1991: 152) soos volg belig: "The problem of language planning for multilingual societies is basically one of bringing about national

cohesiveness and of creating a identity without at the same time displacing the original ethnic-cultural identities of component groups".

Om taalkonflik te vermy, moet taalbeplanners dus ook rekening hou met die sosio-kulturele verbondenheid van taal. Die rede hiervoor is dat toekenning van taalstatus hand aan hand loop met die status van die sprekers daarvan in die groter gemeenskap. Verdrukking en onderdrukking in en deur taal sal noodwendig lei tot verset. Hierdie verset word gewoonlik in taalkonflik gemanifesteer. Vergelyk in hierdie verband die Soweto opstand in 1976.

2.5 KORPUSBEPLANNING AS BRON VIR TAALKONFLIK

Korpusbeplanning as bron vir taalkonflik hou verband met die verweefdheid tussen hierdie taalbeplanningsaksie en taalstandaardisering (vergelyk ook Wardhaugh, 1987: 336).



Die standaardiseringsproses is polities gedetermineerd en in beginsel 'n diskriminerende aksie. Alhoewel korpusbeplanning (en daarom ook die proses van standaardisering) wel op linguistiese gronde kan berus, het buitelinguistiese veranderlikes selfs hierin 'n bepalende rol te speel. Die rol van politieke faktore is veral nie te betwyfel nie, want Wardhaugh is (1986: 32) ook van mening dat die standaardisering van 'n taal soms doelbewus, om politieke redes, onderneem word. Hy brei verder hierop uit wanneer hy aanvoer dat regerings soms doelbewus betrokke raak by die

standaardiseringsproses deur amptelike liggame in die lewe te roep om aangeleenthede rondom taal te reguleer of om veranderinge wat húl wenslik ag, aan te bring.

In hierdie verband wys Tauli (1968: 290) daarop dat "Power is as important in linguistic matters as everywhere else in social life". Hy gaan voort en wys ook op die wyse waarop ook mag geld in die standaardiseringsproses. Hy is van mening dat dit kan dui op die voorskriftelikheid ten opsigte van taalnorme deur amptelike en outoritêre liggame, wat hulle die reg toeëien om te kan bepaal wat reg en verkeerd is in die interne struktuur van die betrokke taal of tale. Hierdie evaluasie geskied natuurlik nie waardevry nie, want die mate van korrektheid word jús geoordeel deur die waardeoordele van diegene betrokke tydens die standaardiseringsproses.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Wat egter met reg afgevra kan word, is wat die ingesteldhede van betrokkenes is teenoor die funksies wat die standaard/norm bied. Ferguson (1968:787) beskryf die ingesteldhede as volg: "The functions of a standard language ...give rise to a set of cultural attitudes towards the standard: the unifying and separatist function arouses an attitude of pride, and the framework-of-reference function brings about an attitude of awareness of the norm".

In sy samevatting skep Ferguson (1968) die indruk van 'n positiewe gevoel wat gekoester word jeens die gekose norm. 'n Mens sou sekerlik 'n positiewe

reaksie kan verwag van diegene wie se belange gedien word want, "to choose any variety as a norm means to favour that group speaking the variety. It gives them prestige as norm-bearers and a headstart in the race for power and position" (Haugen, 1966:18). Die implikasie is egter nie dat daar noodwendig 'n negatiewe houding gekoester word deur nie-normsprekers nie. Die aanvaarding en goedkeuring daarvan kan deels toegeskryf word aan 'n skynbewussyn geskep deur die dominante ideologie. As gevolg van die feit dat "ideology is partly constitutive of what in our societies, is real" (Thompson, 1984:6), asook die feit dat die beheergroep in beheer is van die middele waarin en waardeur ideologie gepropageer en versprei word, kan tot gevolg hê dat die beheerde groep glo dat hul verdrukking en onderdrukking "natuurlik" is en daarom geregverdig is. Dit kom dus daarop neer dat solank as wat 'n persoon of persone in hierdie staat van skynbewussyn verkeer, sal alle besluite soos geneem deur die dominante ideologiese groep as goed gevind word, selfs die miskening van die "eie" variëteit in die keuring van die norm.

Die redes vir taalinterne konflik berus nie op linguistiese verskille tussen variëteite nie, maar is opgesluit in die sosiale rolle toegeken en politieke betekenis daarvan. Pietersen (1980: 117) lê ook hierdie verband wanneer hy die verskil tussen die standaard en vernakulêr (dialek) as volg uitspel: "Bij het bepalen van het verschil spelen puur taalkundige criteria maar een zeer beperkte rol, het is eerder de sociale functi die een taal en een dialect tot een dialect stempelt".

Gegee die faktore en prosesse betrokke (soos reeds uitgespel) by die standaardiseringsproses, is dit vanselfsprekend dat die standaardtaal die hoër sosiale taalfunksies beklee, terwyl die variëteite (voortaan die vernakulêr) beperkte gebruiksmoontlikhede het. In die eerste plek is die gebruik van die vernakulêr beperk tot bepaalde streke en is dit dikwels onbekend aan die oorblywende breër spraakgemeenskap, terwyl die idee met die skep van 'n standaardtaal juis is om 'n norm daar te stel vir al die sprekers van die taal. In die tweede plek is die vernakulêr slegs goed genoeg vir mondelinge gebruik en is dit daarom uitsluitlik vir informele gespreksituasies. Hierteenoor is die standaardtaal dié variant met die gekrewe vorm en ook die alternatief vir meer formele situasies. Hiermee saam is dit per definisie die taal: van die onderwys, van politieke mag, vir hoër werkseleenthede en vir sosiale mobiliteit. Omdat die standaard noodwendig die variëteit van die dominante politieke en ekonomiese groep is, sluit dit bepaalde mense by die dominante groep in die samelewing in en ander uit.

Hierdie verskille in sosiale funksies en politieke betekenis tussen die standaard en die vernakulêr het tot gevolg dat daar wreed onreg gepleeg word op opvoedkundige, sosiaal-psigologiese, sosiaal-politiese en sosiaal-ekonomiese vlakke. So 'n mate van verontregting sal noodwendig konflik, vergestalt in taalkonflik, in die hand werk. Webb (1991: 4) omskryf die verontregting as volg:

- a) So byvoorbeeld kan skoliere wat die vernakulêr van uit huis uit praat,

skolasties oor die algemeen swak vertoon - moontlik as gevolg van linguistiese onsekerheid en 'n negatiewe selfbeeld wat op skool by hulle ontwikkel.

b) Dit is ook vanselfsprekend dat sprekers van die vernakulêr min toegang het tot beroepe hoër as die laagste arbeidsvlakke, en geen kans het om in 'n beroep aangestel te word waarin taal vir openbare skakeling gebruik word nie.

c) Die moontlikheid dat sprekers van die vernakulêr vervreem mag raak van hul gemeenskapskultuur vanweë die dominansie van die norme, waardes, oortuiginge en houdings wat deur die standaard uitgedra word deur onder andere die skool en die media, is ook nie uitgesluit nie.



d) Dit is ook hoogs waarskynlik dat sosiopolitieke verdeeldheid direk verband hou met die verdeling tussen standaard en vernakulêr.


Die feit dat taalkonflik die direkte gevolg kan wees van verskillende sosiale rolle/funksies van onderskeie variëteite, maak die produk van die taalstandaardiseringsproses implisiet die sondebok. As gevolg van die verbondenheid tussen korpusbeplanning en die taalstandaardiseringsproses, maak korpusbeplanning 'n ewe groot bron vir taalkonflik.

Die bewuswording van die groot mate van sosiale, politieke, en

opvoedkundige verontregting en psigiese skade, vanweë die variëteit wat jy praat, mag heel moontlik verset ontketen, wat tot gevolg kan hê dat eise vir normverandering gestel mag word. Belangrik egter, is dat die eise om taalverandering nie in 'n politieke vakuum geskied nie. Ook dít sou gemotiveer word deur bepaalde taalideologiese beginsels. Taalbeplanning kan nooit waardevry wees nie en sal daarom altyddeur deur een (of meer) ideologiese beginsel(s) onderlê word.

2.6 TAALBEPLANNING EN TAALIDEOLOGIE

Cobarrubias (1983b) onderskei vier "tipiese" taalideologieë, naamlik linguistiese assimilasië, linguistiese pluralisme, vernakularisering en internasionalisering, wat 'n rol te speel het by besluitneming in taalbeplanning.



Linguistiese assimilasië word volgens Wardhough (1987: 337) binne 'n wye spektrum beoefen en kan verskillende vorme aanneem. In hierdie verband bied hy die Hellenisering van Masedonië in Griekeland en die Russisering van die Soviet Unie as tipiese gevalle van linguistiese assimilasië.

Die onderliggende idee van linguistiese assimilasië is om te verseker dat alle taalgebruikers, ongeag hul oorsprong, instaat sal wees om die dominante taal te kan praat en verstaan en as sodanig daarin kan bestaan en opereer. Die uitvloeisel hiervan is dat die "ander" se tale minderwaardig word en slegs

van sekondêre belang is en op generlei wyse bevorder word nie. Sodoende word linguistiese superioriteit aan die dominante taal verskaf en staan dit in beginsel gelyke regte aan die ander tale af. Daarom wil ek my skaar by die opinie dat: "Assimilation policies [are] ethnocentric, culturally dominant and indeed racist" (Willey 1982).

Linguistiese pluralisme erken in beginsel die bestaansreg van alle tale asook die reg tot die handhawing en ontwikkeling daarvan op 'n gelyke basis. Met ander woorde, onderliggend hieraan is die erkenning van linguistiese verskeidenheid. Die erkenning van dié verskeidenheid is egter geen waarborg vir linguistiese gelykheid nie, soos dit dan ook blyk uit die verskillende vorme en grade van linguistiese pluralisme (vergelyk ook Du Plessis, 1991). So byvoorbeeld kan linguistiese pluralisme bloot behels dat 'n taal verduur word deur dit onder meer toe te laat om beperkte funksies te verrig, soos byvoorbeeld in godsdiensbeoefening. Die vraag wat dus met reg afgevat kan word is of hierdie vorm van linguistiese pluralisme nie bloot 'n verfynde vorm van linguistiese assimilasië is nie. Dus in teorie linguistiese pluralisme, maar in die praktyk, linguistiese assimilasië.

Vernakularisering hou verband met die gerigtheid op die restourasie en/of uitbouing van 'n inheemse taal en die aanpassing daarvan as amptelike taal. Dit sou kon insluit die herlewing van 'n ou taal, soos Hebreeus in Israel of die bevordering van 'n inheemse taal tot amptelike taal, en die uiteindelijke standerdisering daarvan, soos in die geval van Swahili in Tanzanië

(Cobarrubias, 1983b: 66).

Internasionalisering hou die aanvaarding van 'n nie-inheemse taal vir wyer kommunikasie óf as amptelike taal óf as onderrigmedium op 'n bepaalde vlak in die onderrigproses in. So 'n taal kan semi-amptelike status kry met die doel om ekstern te kan kommunikeer (soos byvoorbeeld Engels in Indië) of as volwaardige amptelike taal waar die inheemse tale nie genoegsaam ontwikkel is om sodanige funksies te verrig nie (soos byvoorbeeld Engels in die Fillipyne). Só 'n taal hoef byvoorbeeld nie amptelike status te geniet nie, alhoewel dit op 'n sekere vlak as onderrigtaal gebruik kan word, veral waar die amptelike taal nie 'n taal van wyer kommunikasie is nie (byvoorbeeld Engels in sommige van die Skandinawiese lande) (Cobarrubias, 1983b: 66).



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die keuse vir een (of meer) taalideologie(ë), as die beginsel waarvolgens taalbeplanning sal geskied, sal nou saamhang met die breër politieke aspirasies van 'n bepaalde gemeenskap. In hierdie verband tref Fishman (1968b, 1972c) 'n onderskeid tussen taalbeplanning vir nasionalisme enersyds en taalbeplanning vir nasiebou andersyds. Hierdie aspekte (taalbeplanning en nasionalisme; taalbeplanning en nasiebou) sal in die hoofstukke wat volg deeglik beskryf en toegelig word.

In die volgende hoofstuk word ingegaan op die wyse waarop enkele Afrikalande met onafhanklikheid hul talige probleme "hanteer" het. Die rol

van kolonialisme en die breër politieke strewe na nasiebou in die uiteindelijke formulering van 'n taalbeleid sal aangetoon word.




HOOFSTUK 3

'N KRITIESE ANALISE VAN ENKELE TAALMODELLE IN AFRIKA

3.1 INLEIDING

Die primêre fokus van die hoofstuk is om die invloed van kolonialisme op taalbeplanning aan te toon. Eerstens sal ingegaan word op die wyse waarop die rassitiese aard daarvan neerslag gevind het in die hantering van gekoloniseerde volkere se tale. Tweedens sal die invloed daarvan na onafhanklikheidswording gemeet word. Ter illustrasie word die talige situasie van Namibië en Nigerië onder die loep geneem.




3.2 DIE AARD VAN KOLONIALISME

Rex (aangehaal in Tierney, 1982: 13) argumenteer dat rassediskriminasie en rassebevooroordeeling fenomeen van kolonialisme is. Die rassitiese aard van kolonialisme vind neerslag in:

Self-exaltation on the part of the dominant group which creates an idealistic image of itself, the devaluation of the dominated group, and the suppression and stagnation of its culture, institutions, lifestyles and ideas, and systematic rationalization of the relationships between both groups, always favourable to the dominant group
Preiswerk (aangehaal in Phillipson: 1992: 38).

Tierney (1982: 13) klaar die verhouding dominante teenoor gedomineerde op wanneer hy aanvoer dat kolonialisme gebaseer is op wit Europese dominansie oor swart bevolkings. Die magsverhouding waardeur een groep gedomineer word deur 'n ander, word voortgedryf deur verskeie meganismes waarvan uitbuiting, indringing (penetrasie), fragmentasie en marginalisasie die mees essensiële is (Phillipson, 1992: 52).

Kolonisering is nie net gemik op materiële en politieke gewin nie. Dit behels ook die kolonisering van die tale van gekoloniseerde volkere. Die verdrukking in en deur taal kom neer op 'n vorm van imperialisme, meer bepaald linguistiese imperialisme. Ansre (1979: 12-13 (aangehaal in Phillipson) omskryf linguistiese imperialisme as:



The phenomenon in which the minds and lives of the speakers of a language are dominated by another language to the point where they believe that they can and should use only that foreign language when it comes to transactions dealing with the more advanced aspects of life such as education, philosophy, literature, governments, the administration of justice, etc. ... Linguistic imperialism has a subtle way of warping the minds, attitudes, and aspirations of even the most noble in society and of preventing him from appreciating and realizing the full potentialities of the indigenous languages.

Dit kom dus neer op linguïstiese deurdadigheid 'n ongelyke magsbedeling deur taal bewerkstellig of instand gehou word. Linguïstiese behels voorts "(the) representation of the dominant language, to which desirable characteristics are attributed, for purposes of inclusion, and the opposite for dominated languages, for purposes of exclusion" (Phillipson, 1992: 55).

Die aggressiewe besetting van grondgebiede deur koloniale moondhede het dus ook gepaardgegaan met die verheffing van die eie taal en daarmee saam die miskenning van die inheemse tale. Die diskriminerende praktyke rassisme en linguïstiek was dus bepalend vir die wyses waarop taalongelykheid histories-struktureel in gekoloniseerde samelewings ideologies gelegitimeer is (Beukes, 1992: 183). Wat hier van belang is, is dat 'n kragtige meganisme van linguïstiek juis is, dat dit as gangbare praktyk, as "normaal" voorgehou word. Tollefson (1991: 12) stel dit as volg: "When minority languages do not appear in ... areas of public discourse, their exclusion comes to be seen as natural and inevitable".

Die gebeure in Afrika is illustratief van die diskriminerende praktyke, rassisme en linguïstiek. Wardhaugh (1987: 157) beskryf die kolonisasie van Afrika as "the rape of geography by history". Ngugi (1986: 5) impliseer die intensiteit van linguïstiek in Afrika wanneer hy aanvoer: African countries, as colonies and even as neo-colonies, came to be defined and to define themselves in terms of the languages of Europe: English-speaking, French-speaking or Portuguese-speaking African countries."

Alhoewel die verskillende koloniale magte soos Brittanje, Frankryk en Portugal se taalbeleide ten opsigte van hul kolonies verskillend was, was die ooreenkomste ewe groot. Al drie se taalbeleide kan tipeer word as linguïsties imperialisties.

3.2.1 DIE FRANSE KOLONIALE TAALBELEID

Die Franse taalbeleid, soos vergestalt in Frankryk, sou ook vir hul kolonies geld. Frans het ampstaalstatus in die kolonies verkry. Die verheffing van Frans is nie vreemd nie. Wardhough (1987: 162) koppel die stap aan 'n ideologiese ingesteldheid waarin die Franse hulself sou klassifiseer as "a superior people blessed with a superior language and culture" met hul strewe *mission civilisatrice* "to extend the benefits of their civilization to the backward peoples of their empire".

Hierdie taalbeleid het ingehou dat die kolonie(s) in Frans geadministreer was. Frans was die enigste medium van onderrig: "Only one language is taught in schools, recognised in law courts, and used in administration: French, as defined by the opinions of the Academy and the decrees of the minister of public education" (Alexandre, 1972: 72).

Die Franse koloniale beleid ten opsigte van inheemse tale is 'n voortsetting van die elitisme wat op daardie stadium in Frankryk self bestaan het (vergelyk Ousmane, 1983). Ousmane (1983: 35) wys voorts op die posisie van Wolof in Senegal, wat in terme van die miskenning van sy bestaansreg, nou ooreenstem met die posisie van Breton en Baskies in Frankryk. Beide Wolof en Frans was in 1817, met die opening van die eerste skool in Senegal, gebruik as onderrigmedium. Hierdie toedrag van sake was egter van korte duur. In 1829 is duidelike instruksies van die goeweneur generaal

afgekondig dat slegs Frans as onderrigmedium gebruik mag word (vergelyk Ousmane, 1983: 35). Dié beleid het sy oorsprong in die "ordinance of Viller-Cotterêts". Dit is reeds in 1539 eksplisiet gestel dat vir politieke doeleindes, slegs Frans aanvaarbaar is in gebiede onder hulle beheer.

Ousmane (1983: 35) argumenteer dat die Franse met hul taalbeleid ten doel gehad het "to create an elite to which France would look for aid in its mission civilisatrice". Wardhaugh (1987: 158) sluit hierby aan wanneer hy aanvoer: "An élite had to be educated in French and civilized through that education." Die gevolg van hierdie beleid was voor-die-handliggend. Opwaartse mobiliteit is gesetel in die mate waartoe Frans beheers kon word. Ouers het toenemend aangedring op genoegsame geleenthede waar hul kinders se Franse taalvermoëns opgeskerp kon word.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Dit is nie te betwyfel nie dat hierdie beleid 'n manifestasie van linguistiese assimilasie was, want hul beleid het verder ingehou dat "individuals would be awarded full French citizenship when they gave proper evidence that they were indeed civilized" (Wardhough, 1987: 162).

3.2.2 DIE PORTUGESE KOLONIALE TAALBELEID

Portugal se koloniale taalbeleid verskil nie veel van dié van Frankryk nie. Portugees was die amptelike taal en linguistiese assimilasie sou ook hiér geld. Die status van die onderworpe individue het afgehang van die mate

waartoe hulle daarin kon slaag om Portugees te kan skryf en praat (Ousmane, 1983: 35). Hul houding jeens die inheemse tale van Afrika het ook nie veel verskil van dié van Frankryk nie. Spencer (1971, aangehaal deur Ousmane, 1983: 36) merk op: "The Portuguese language was systematically promoted at the expense of the indigenous languages of the dependent territories and no vernacular literature in those languages is available."

3.2.3 BRITSE KOLONIALE TAALBELEID

Die Britse koloniale taalbeleid was nie so rigied soos dié van die Franse en Portugese nie. Ousmane (1983: 36) is van mening dat dit in sterk kontras daarmee was. Alhoewel Engels oral in die Britse kolonies in gebruik was, was dit nie toe te skryf aan 'n duidelik voorgeskrewe taalbeleid nie. Daar was nie sprake van 'n uniforme taalbeleid nie. Elkeen het op sy onderskeie wyse voortgegaan. Wardhaugh (1987: 160) voer aan: "At independence the former British colonies in Africa found themselves with different systems of education and a very little commonality in the language problem they faced."

Onderrig in inheemse tale op primêre vlak was toelaatbaar. Op sekondêre vlak was Engels die onderrigmedium. Volgens Brosnaham (1963a: 57) was die algemene beleid "to educate an administrative and professional class through English in the school system; English would usually be taught as subject of instruction in the third or fourth year of primary school; however,

English would be used as a medium of instruction as early as the first year of the secondary school system". Alhoewel die Britse houding teenoor inheemse tale meer verdraagsaam was, was ook hulle opvoedkundige sisteem, soos dié van alle ander koloniale magte, gerig op "the inculcation of the values of the colonial society and the training of individuals to serve the colonial state" (Wardhaugh, 1987: 159).

Die inwoners van die Britse kolonies het besef dat 'n kennis van Engels baie meer voordele inhou. Die aandrang op die onderrig in Engels was begryplik, want "vernacular education was seen everywhere as a preparation for "real" education, the education that one gained through knowing English" (Wardhaugh, 1987: 160). Wardhaugh (1987: 162) gaan soos volg voort: "Finally, English education in Africa led to the creation of new élites, dividing those who could speak English from those who could not, and introducing into the former group attitudes about government service, "white collar" jobs, and academic certification that are still widespread."

Die bevoorregte posisies van die koloniale tale sou egter nie plotseling na die onafhanklikheidswording van die kolonies verander nie. Beukes (1992) bied die teoretiese konstruk van "linguïsisme" as besonder bruikbaar in hierdie verband omdat die koppeling tussen die diskriminerende taalbeleid en die besondere sosio-politieke magstrukture van die verlede daarmee aangetoon kan word. In die strewe na onafhanklikheid het die meeste van die nuutbevryde state die uitheemse taal, koloniale taal (of Engels, of Frans,

of Portugees) as amptelike taal "gekies". Vergelyk in hierdie verband Whitely (1971b: 548) se kommentaar: "For most newly independent States in francophone Africa, French is, in some sense or other, an 'official' or national language. A similar situation obtains in anglophone Africa where English plays a similar role." Hierdie situasie kan oënskynlik toegeskryf word aan die persepsie dat die inheemse tale van die betrokke lande intertyd nie geskik was vir die uitvoering van regeringsake of vir die onderwys nie. (Beukes, 1992: 184) lê die rede vir dié keuse bloot wanneer sy van mening is dat dit eintlik polities en ekonomies ingegee en operasioneel gerig is deur die hegemonie van die koloniale tale. Le Page (1964: 45) toon die invloed en mag van koloniale moondhede, selfs na dekolonisasie, in die taalbeleide van onafhanklike Afrikastate as volg aan: "The colonial history of a newly-independent country inevitably plays a certain part in determining the linguistic policy of the government after independence." Ousmane (1983: 34) huldig 'n soortgelyke standpunt: "The impact of these policies over the linguistic situation of African countries will also be felt, it may be expected, in the formulation of language policies of independent African states."

3.3 POST-KOLONIALE TAALBELEID


Met onafhanklikheid kon die koloniale erfenisse nie weggewens word nie. In die hantering van die talige situasie het inwoners van Afrikastate drie opsies gehad. Passin (1968: 452-53) identifiseer drie taalkeuses vir ontwikkelende nasies:

* 'n vorm met federale karakteristieke soos byvoorbeeld Switserland, waar 'n enkele taal nasionale status geniet, terwyl die ander tale bestaansreg het,

* een nasionale taal soos in Frankryk, terwyl die ander tale beperkte funksies het,

* een nasionale taal soos in die voormalige Sowjet-Unie, terwyl die ander tale gelyke regte geniet.

Enige een van die drie opsies hou die keuse van 'n amptelike taal in. Passin (1968: 453) wys daarop dat daar drie moontlikhede vir ampstaal in Afrikastate is:

- 
- * die seleksie van 'n koloniale taal as ampstaal,
 - * die seleksie van 'n inheemse taal as ampstaal,
 - * 'n kombinasie van die twee - die seleksie van 'n taal wat kan dien vir wyer kommunikasie en 'n inheemse taal as ampstaal.

'n Vierde moontlikheid is om soveel moontlik inheemse tale te verhef tot ampstaal.

In die lig van die multi-etniese karakter van Afrikastate was die algemene gevoel oor die tweede opsie dat die verheffing van die een groep se taal daarmee saam ook die verheffing van een groep bo ander impliseer. Dit is 'n keuse wat sou kon lei tot konflik. Die vierde alternatief word volgens

Wardhaugh (1987: 164) "often seen as one that promotes factionalism in that it tends to encourage individuals to identify with sub-groups within the state rather than with the state as a whole".

In die lig van die veeltalige en multi-etniese karakter van die Afrikastate argumenteer sommige Afrikaan-intellektuele vir die handhawing van die status quo. Die keuse vir 'n Europese taal word dan dikwels as meer "neutraal" beskryf. 'n Verdere argument vir die behoud van die koloniale taal hang saam met die koloniale erfenis. 'n Totale koloniale infrastruktuur het rondom die taal tot stand gekom. Die koloniale taal was gereserveer vir koloniale administrasie, wetgewing en opvoeding. Daarom dat die opsie om die status quo te handhaaf by die meeste onafhanklike kolonies byval gevind het. Die keuse hiervoor was nie 'n toevalligheid nie. Bo en behalwe die steeds determinerende invloed van eertydse koloniale moondhede (as gevolg van veral die ekonomiese mag wat steeds in hul hande gesetel was), is die beheer van die kolonies met onafhanklikheid oorgeneem deur die "geskepte" elite. Die taal waarin hulle geopereer het, was dié van die koloniste. Die bevoorregting van die Europese tale het beteken die bevoorregting van diegene wat hulle kon beheers. Daarom is dit dan ook nie vreemd dat die Europese tale in die meeste van die onafhanklike Afrikastate hul posisies as amptelike tale behou het nie.

Die taalbeplanningsaktiwiteit in Afrika (tydens die koloniale era asook die tydperk daarna) is bevestigend van die variërende invloed van

buitelinguistiese faktore op taalbeplanning. Daarom kan die spesifieke konteks waarbinne die taalbeplanningsaksie plaasvind nooit buite rekening gelaat word nie. Cooper (1989: 183) stel dit as volg: "Language planning cannot be understood apart from its social context or apart from the history which produced that context" (Cooper, 1989: 183).

Die invloed van kolonialisme op taalbeplanning in Afrika (tydens die koloniale era en selfs met onafhanklikwording) is nie te betwyfel nie. Die rol daarvan in die formulering van taalbeleide (met onafhanklikheidswording) in Afrikastate was tweërlei. Enersyds was daar 'n voortbouing daarop en andersyds 'n reaksie daarteen. Ter illustrasie hiervan word vervolgens 'n oorsig gebied van die talebestel in Namibië en Nigerië ná onafhanklikheid.




3.3.1 TAALBEPLANNING IN NAMIBIË

Binne die konteks van Afrika is Namibië met sy veeltalige karakter geen uitsondering nie. Cluver (1990: 161) identifiseer een en twintig tale, waarvan agtien inheemse tale is (wat op hulle beurt weer variëteite toon). Die oorblywende drie tale is Afrikaans, Engels en Duits.

Die huidige taalbeleid in Namibië is die produk van drie uiteenlopende politieke verwickelinge. Elk van die drie taalbeleidsfases (Duitse, Suid-Afrikaanse en post-koloniale) is 'n spieëlbeeld van die wyse waarop

taalbeplanning diegene met die nodige politieke en ekonomiese mag dien. Met die Duitse besetting (vanaf 1884) is Duits die ampstaalstatus toegeken. Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog in 1918 word Namibië (Suidwes-Afrika) aangewys as mandaatgebied van Suid-Afrika. Die Duitse taal moes plek maak vir Nederlands en Engels, die twee Suid-Afrikaanse ampstale. In 1925 is Afrikaans naas Engels in Suid-Afrika verhef tot ampstaal. Dié verandering sou ook in Namibië neerslag vind.

Die uitbreiding van Afrikaans het van meet af egter meer aandag as Engels geniet. Du Pisani (1982: 284) beweer: "Afrikaners wanted to convert South West Africa into an Afrikaans-speaking province of the Union." Ook Cluver (1992: 121) kom tot die slotsom: "The little overt language planning that was done in Namibia was directed at maintaining the Afrikaans language and protecting it from English and, to a lesser degree, from German."



In 1958 is Afrikaans se beskermde posisie verseker toe die Van Zyl-kommissie aanbeveel het dat Afrikaans die eerste ampstaal sou wees. Afrikaans moes reeds vanaf die eerste skooljaar geïmplementeer word. Engels sou dien as die tweede ampstaal. Die aanbeveling was dat dit eers vanaf die derde skooljaar aangebied moes word (vergelyk Van Zyl aangehaal in Cluver, 1992: 122). Duits, wat semi-ampstatus geniet het, is geakkommodeer in twee Duitse skole wat finansieel deur die Suid-Afrikaanse regering onderhou is.

Wat inheemse tale betref, is 'n beheerliggaam, "The Native Language Bureau", later "Bureau for Indigenous Languages", in 1962 in die lewe geroep. Hierdie liggaam het bestaan uit drie lede wat nie daarin sou slaag om dié tale uit te bou nie. In 1963 het die Odendaal-kommissie aanbeveel dat nege van die inheemse tale, Nama, Herero, Kwanyama, Kwangale, Mbukushu, Lozi en Tswana se interne struktuur met die oog op moedertaalonderrig ontwikkel moes word. Weens 'n gebrek aan die nodige kundigheid het die projek egter nie gerealiseer nie. Die gebrek aan daadwerklike optrede herinner aan 'n opmerking wat Ngugi (1986: 16) in 'n soortgelyke verband maak: "Even when these languages were more actively promoted, the way in which this was done conveyed a message that these languages and cultures were undervalued."



In 1990 is Namibië na 'n onderhandelingsproses onafhanklik verklaar. Die algemene verwagting was dat 'n algehele transformasie op talle sferes sou plaasvind. Namibiërs, soos enige nuwe onafhanklike land, is óók gekonfronteer met vrae soos: moet die bestaande strukture behou word? Indien nie, wat is die alternatief? Omdat taal 'n integrale deel van die stryd teen Suid-Afrikaanse kolonialisme was, moes 'n herbesinning van talebestel ook volg (Cluver, 1992: 125). Taalbeplanning is opnuut weer aangepak.

Met onafhanklikheid het Namibië reeds drie koloniale tale - Duits, Engels en Afrikaans - in gebruik gehad. Kolonialisme sou beslis 'n rol speel in die formulering van die nuwe taalbeleid in dié sin dat dit 'n duidelike reaksie

daarteen was. 'n Verslag van die United Nations Institute for Namibia, (aangehaal in Cluver, 1990: 163) argumenteer sterk teen die seleksie van Afrikaans as 'n ampstaal. Drie oorwegings word aangebied: Afrikaans is 'n koloniale taal wat afgedwing is; Afrikaans is die taal van die verdrukker; Afrikaans het 'n polariserende eerder as 'n eenheidskeppende effek.

Engels, aan die ander kant, is nooit werklik in Namibië as 'n koloniale taal ervaar nie. Engels se posisie is daaraan toe te skryf dat dit toevallig in Namibië gevestig is, as een van die ampstale van die mandaathouer, Suid-Afrika. Die Nasionale Partyregering het hoofsaaklik Afrikaans bevorder, sodat Afrikááns en nie Engels nie, geassosieer is met die koloniale orde - vandaar die etikettering van Afrikaans as koloniale taal. Afrikaans se rol en posisie in Namibië verskil nie veel van wat Pietersen (1980: 77) as taalimperialisme beskou nie:



In veel gevallen werd te taal van de overheerser aan de bewoners van de veroverde gebieden opgedrongen, een staaltje van taalimperialisme dat niet alleen voortkwam uit een gevoel van superioriteit van de eigen taal en cultuur, maar mede ingegeven werd door de gedachte dat een gebied dat men middels te taal aan zich bindt, tevens vertrouwd raakt met de handelsmethoden, de techniek en de industriële produkten van de overheerser.

Die Suid-Afrikaanse koloniale taalbeleid het behels dat taal aangewend is om te verdeel en te beheer. 'n Reaksie daarteen was 'n strewe na nasiebou (Cluver, 1992: 124). Die Namibiese keuse vir 'n nasionale taal met erkenning aan die bestaansreg van al die ander tale toon duidelik dat die

strewende om eenheid sentraal staan terwyl ruimte gelaat word vir verskeidenheid.

Tydens 'n seminaar oor *English as the official language for Namibia* (Mei 1980 in Lusaka) is 'n taalbeleid vir 'n onafhanklike Namibië uitgewerk. Dié voorgestelde taalbeleid, wat ook met onafhanklikheid aanvaar is, is gepubliseer onder die titel *Towards a language policy for Namibia*.

Die keuse vir Engels as ampstaal berus op die volgende gronde:

- * dit sal help om die verskillende Namibiese gemeenskappe te verenig tot een nasie,
- * dit sal kontak met buurlande bevorder, en
- * is die internasionale taal van wetenskap, tegnologie en handel. As sodanig sou dit Namibiërs toegang gee tot die databank en handelsroete van die wêreld,
- * dit word deur 'n meerderheid Namibiërs gesien as die taal van bevryding,
- * dit word gesien as 'n taal vir sosiale mobiliteit (vergelyk Cluver, 1990: 163).

Die Namibiese taalbeplanners het dus heftig gereageer teen die koloniale taalbeleid. Hierdie reaksie is ook gemanifesteer in hulle beleidsformulering ten opsigte van inheemse tale. In sterk kontras met die koloniale taalbeleid stel die bevrydingsbeweging, SWAPO, voor dat alle inheemse tale ontwikkel

en bevorder moet word. Die behoefte vir die ontwikkeling van inheemse tale hou direk verband met die posisie van dié tale tydens die koloniale tydperk, toe hulle misken en onderontwikkeld gelaat is.

Hierdie voorstel is deur baie swart Namibiërs met skeptisisme bejeën. Daar is geargumenteer dat die bevordering van inheemse tale sou kon lei tot die versterking van etnisiteit en 'n skeiding kon bring tussen die verskillende taalgemeenskappe. Cluver (1990: 162) voer aan: "It was linked to the promotion of ethnic consciousness and ethnic division." Dié koppeling is nie ongegrond nie. Die verskuilde agenda van die Odendaal-kommissie met die bevordering van inheemse tale hou regstreeks verband met etniese fragmentasie. Daarom het moedertaalonderrig in Namibië gestigmatiseerd geraak. Dié ingesteldheid teenoor moedertaalonderrig sou teenkanting uitlok. Die koloniale taalbeleid het dus 'n invloed gehad op ingesteldhede jeens tale in Namibië. Die sukses van 'n veeltalige taalbeleid vir Namibië móét daarom ook gepaard gaan met die verandering van Namibiërs se persepsies ten opsigte van taal.

Gemeet aan die verskillende taalideologiese modelle, is daar spore van elk van die vier in die Namibiese taalbeleid te bespeur. Die keuse vir Engels as amptelike taal, is duidelik 'n keuse vir internasionalisering waar 'n "uitheemse" taal die ampstaalposisie vul. Die erkenning van alle inheemse tale kom neer op taalpluralisme.

Vernakularisering, wat inhou dat 'n inheemse taal of tale verhef word tot amptelike tale, sou egter nie in Namibië geld nie. Taalpluralisme is egter geen waarborg vir taalgelykheid nie. Die ampstaal wat toegang verleen tot die magstrukture, is egter in terme van sy status, beslis verhewe bo die ander. Die verheffing van één taal het tot gevolg dat persone wat nie die betrokke taal as eerste taal besig nie, die noodsaak vir die kennis van dié taal sal besef. Dít kan lei tot stagnasie en agteruitgang van inheemse tale, omdat dié tale stremmend kan inwerk op sosiale en ekonomiese mobiliteit. 'n Situatie wat uiteindelik kan lei tot taalassimilasie.

Alhoewel die Namibiese regering erkenning gegee het aan veeltaligheid, is die realiteit steeds ver verwyder van die ideale situasie. Die inheemse tale kan nie op die korttermyn ontwikkel en bevorder word tot 'n status gelykstaande aan dié van Engels nie. Die toekenning van ampstaalstatus en die daarmee gepaardgaande hoër taalfunksies perpetueer inderdaad dié ongelyke relasie.

3.3.2 TAALBEPLANNING IN NIGERIË

Nigerië, 'n voormalige Britse kolonie, is ook 'n veeltalige land. Rufai (1977: 69) argumenteer dat die verskeidenheid tale met die aantal etniese groepe korrespondeer. Volgens die sensusopname van 1963, word ongeveer 400 tale in Nigerië geïdentifiseer (Rufai, 1977: 69).

Verskeie faktore, soos die oneweredige verspreiding van die tale, die verskil in die aantal sprekers van die onderskeie tale, maar ook kolonialisme is bepalend vir rangordeposisie van 'n betrokke taal in die breër Nigeriese gemeenskap. Ten opsigte van rolverdeling onderskei Adenkunle (aangehaal deur Rufai, 1977: 67) die volgende subgroepe:

Hoofgroep (a) sluit die tale van wyer kommunikasie in. Die tale word algemeen gebesig in gebiede buite hul areas van oorsprong. Hierdie is kontaktaal - Igbo, Yoruba en Hausa - wat verkeer tussen verskeie etniese groepe moontlik maak.

Hoofgroep (b) sluit die tale in wat op nasionale vlak erken word, maar in terme van belangrikheidsgraad die tweede posisie beklee. Die tale word nie wyd buite hul areas van oorsprong gepraat nie. Dié tale dien nie as *lingua franca* tussen verskillende etniese groepe nie. Voorbeelde hiervan is Fula, Kanuri, Ijaw.

Sekondêre groep (a) sluit die tale in wat erkenning op staatsvlak geniet. Hulle belangrikheid strek sover as provinsiale vlak, streeksvlak of dit is selfs beperk tot die betrokke distrik alleen. Nupe en Tiv is voorbeelde van dié tale.

Sekondêre groep (b) is die tale wat nie amptelik erken word nie. Hulle invloed en rol is beperk tot distriksvlak. Tale soos Gwari, Idoma en Ogoni, val onder hierdie subkategorie.

Die posisies van die verskillende tale, soos hierbo uiteengesit, is egter nie toevallig nie. Die koloniale taalbeleid sou hierin 'n beduidende rol speel.

3.3.2.1 DIE KOLONIALE TAALBELEID IN NIGERIË

Met hulle koloniale besetting van Nigerië was die Britte gekonfronteer met die land se veeltalige karakter. Die koloniste het duidelik beseft dat die sukses van hul besetting gekortwiek sou kon word deur 'n gebrek aan kommunikasie (vergelyk Dada 1985). Dit was 'n probleem wat vinnig aangespreek moes word. Rufai (1977) identifiseer drie taalbeleidsmoontlikhede wat koloniste gehad het. Hulle kon die Franse se taalassimilasiemodel volg, Engels kon dan eenvoudig as ampstaal en onderrigtaal afdwing word. Op dié wyse kon dit as die *lingua franca* tussen die verskillende groepe ontwikkel. Aan die ander kant kon hulle die drie tale - Hausa, Igbo en Yoruba - met die grootste aantal sprekers as tale vir wyer kommunikasie op die ander etniese groepe afdwing. In die derde plek kon hulle besluit op 'n enkele inheemse taal, moontlik die een met die grootste aantal sprekers, om dié funksie te verrig.

Die keuse was egter nie so maklik nie. Die imperiale moondheid wou ten alle koste enige vorm van verzet in die kolonies vermy (vergelyk Ousmane 1980). Met hierdie ingesteldheid van die Britte is die tweede keuse, waardeur Hausa, Igbo en Yoruba ingespan sou word as tale vir wyer kommunikasie met Engels as ampstaal as kompromie ontwikkel (vergelyk

Rufai 1977).

Keuse een sou volgens Dada (1985: 285) vir die koloniale regering enorme politieke probleme skep. Die bevordering van Engels sou verset in die hand werk omdat inheemse tale kennelik misken sou word. Soos die eerste sou die derde keuse ook onaanvaarbaar wees. Ook dié keuse het 'n hoë konflikpotensiaal gehad.

Dada (1985: 285) beskryf die Britse taalbeleid in Nigerië as "at best nebulous and at worst chaotic". Die grootste bydraende faktor tot die chaos was die inkonsekwente implementering van taalbeleid in die onderwys. In sommige skole was die onderrigmedium slegs Engels, in ander slegs die vernakulêr (Dada, 1985: 286). Dada (1985: 286) som die onderwysbeleid so op: Die koloniste se plan was om 'n geletterde élite in 'n paar model inrigtings, soos King's College te skep. Hier moes leerlinge voorberei word op die behoefte van Britse administrasie. Hardwerkende kandidate is beloon met sertifikate.

Die Engelse taal dien dan ook as van die vereistes vir toelating tot sekere kaders van gemeenskaplike en openbare dienste. Engels was in sekere gevalle die onderrigmedium. Voorts was dit ook as vak op sekondêre skoolvlak aangebied.

Die aanleer van Engels sowel as die moedertaal is ook aangemoedig op primêre skoolvlak. In die meeste skole is moedertaalonderrig in die

intreevlakke aangemoedig. In 'n later skoolfase is die moedertaal as vak aangebied.

Die moedertaal is egter beperk tot 'n handjievol van die nagenoeg vier honderd tale. Die gebrekkige aanwending van moedertaalonderrig kan toegeskryf word aan die swak ontwikkeling van die skryfsisteme in die meeste Nigeriese tale. In sommige primêre skole, veral die elite privaatskole, was die onderrigmedium uitsluitlik Engels.

Alhoewel 'n mate van erkenning gegee is aan 'n paar inheemse tale, is die meeste tale nie bevorder en ontwikkel nie. Engels het baie duidelik voorrang geniet. Ten spyte van 'n gunstige posisie was die verspreiding van Engels nie so suksesvol nie. Met onafhanklikheid kon slegs ongeveer 10% van die bevolking Engels betekenisvol beheers. Die getal sprekers daarvan is 'n minderheid, maar dit is juis dié elite-groep (vergelyk Dada 1985) wat die beste voorberei was om met onafhanklikheid die leidende rol te speel.


Die taalbeleid van 'n onafhanklike Nigerië sou egter nie die invloed kolonialisme kon ontkom nie.

3.3.2.2 DIE ROL VAN KOLONIALISME IN DIE TAALBELEID VAN ONAFHANKLIKE NIGERIË

Met onafhanklikheid is daar in feitlik alle kolonies 'n strewe na eenheid en

nasiebou. In die meeste gevalle word taal gesien as een van die belangrike instrumente om dié doel te verwesenlik. Dit mag moontlik verband hou met die feit dat koloniste júís taal ingespan het om te verdeel.

Nigerië het ook na onafhanklikheid die behoefte aan eenheid ervaar. Rufai (1977: 69) bied inter-etniese kommunikasie aan as 'n moontlikheid om 'n gesonde verstandhouding te kweek. Hy wys voorts daarop dat "communication itself is possible only if people can speak to and understand each other through a common language". Die probleem met die soeke na 'n gemene taal is dat die meeste lande gewoonlik nie aanspraak kan maak op só 'n gemene deler nie. Die vraag waarmee hulle dan gekonfronteer word, is of die keuse moet val op 'n inheemse taal of uitheemse taal.



Die keuse vir 'n uitheemse taal word dikwels beskou as 'n "neutrale" keuse. Die argument is dat die uitheemse taal, vanweë sy oorsprong, nie gekoppel kan word aan 'n spesifieke etniese groep nie. Daarom word dit gesien as 'n beter keuse om eenheid te bewerkstellig. Die argumente daarteen hou in dat só 'n taal nie eie aan die betrokke land is nie en nooit as 'n nasionale simbool kan dien nie. Boonop is die vermeende eenheidstaal dan ook die taal van die eertydse koloniale regeerders. Totale bevryding van kolonialisme lê vir sommige kritici júís in die verlaging van die koloniale taal se status, soos dit dan geïmpliseer word in 'n uitlating ten opsigte van die keuse vir 'n amptelike taal vir Nigerië: "For some time emotional feelings have been gathering momentum in the country until some people are of the opinion

that Nigeria's independence will remain incomplete if she does not designate some or one of her languages as official for national purposes" (Rufai, 1977: 67).

Kritiese taalbeplanners en die nuwe maghebbers moes egter met die werklikheid rekening hou. Die uitsluiting van die koloniale taal in die nuwe taalbedeling is nie 'n maklike keuse nie. Kontak met die breër wêreld is net so noodsaaklik soos kontak binne die landsgrense. Die taalbeplanners moes die posisie van Nigerië binne die breë Afrika- en wêreldkonteks in ag neem. Die ekonomiese en politieke mag van die groter moondhede sal in 'n groot mate bepaal hoe die taalbeleid van die ontwikkelende lande uiteindelik daar sal uitsien. 'n Situasië waarteen Ngugi (1986) juis sterk te velde trek. Geeneen van die Nigeriese tale, behalwe Engels, kan 'n rol vir internasionale kommunikasie beklee nie.



Taalbeplanners in 'n onafhanklike Nigerië het inderdaad 'n moeilike taak gehad. 'n Verskeidenheid faktore, voortspruitend uit kolonialisme, wat in die taalbeplanningsproses in berekening gebring is, het die taak van taalbeplanners verder bemoeilik. Die taalbeleid van onafhanklike Nigerië kan tipeer word as 'n voortbouing op die koloniale taalbeleid. Die enigste wesenlike verskille lê in die motivering van die van die keuses en waar slegs drie inheemse tale deur die koloniale taalbeleid bevorder is, is dit nou nege.

Die nuwe Nigeriese regering het taalbeplanning beskou as een van die

instrumente om hul politieke ideaal, die strewe na 'n Nigeriese nasie, te bevorder. Die nuwe taalbeleid het Engels en die drie inheemse tale, Hausa, Igbo en Yoruba, opnuut begunstig in terme van die funksies toegeken: Engels as amptelike taal en die genoemde drie inheemse tale as tale vir wyer kommunikasie in die streke waar hulle dominant is. Die motivering vir Engels as die ampstaal was dat dit 'n neutrale keuse is en die effektiëste middel is vir die verwesenliking van die breër politieke ideaal, die bou van 'n Nigeriese nasie. Die ander drie sou onderskeidelik op streeksvlak as bindingsmiddel moes dien.

Die nuwe onderwystaalbeleid, anders as die vorige taalbeleid, lê sterk klem op moedertaalonderrig. Die een groot voordeel hieraan verbonde is dat dit die regering dwing om die agtergeblewe inheemse tale te ontwikkel. Die ander voordeel van die taalbeleid is dat dit nie net veeltaligheid erken nie, maar veeltaligheid aktief bevorder word.

In 'n evaluasie van die taalbeleid kom Dada (1985: 290) tot die gevolgtrekking dat dié taalbeleid weinig bied vir nasiebou. Hy argumenteer as volg: Die algemene uitgangspunt om 'n taal te kies wat as bindingsmiddel en nasionale simbool kan dien is syns insiens problematies. Engels het wel 'n neutrale posisie en internasionale status, en sou dié funksie kon vervul, maar slaag nie om die behoefte om Afrika-identiteit te skep nie. Met die klem op moedertaalonderrig in die primêre skoolfase (wat ook die laaste fase van 'n groot groep Nigeriërs is), word relatief min mense bereik.

Engels bly daarom vir 'n lang tyd nog die taal van 'n minderheisgroep. Die nuwe taalbeleid, volgens Dada (1985) maak die keuse vir 'n inheemse taal om die funksie van *lingua franca* te vervul, baie moeilik as gevolg van die wye taalonderrigkeuse wat nou oop is aan skoliere. Die klem op moedertaalonderrig, ten spyte van die opvoedkundige waarde daarvan, werk stremmend in op die bou van 'n Nigeriese nasie. Moedertaalonderrig kan die kweek van 'n linguistiese en kulturele bewussyn tot gevolg hê, wat die motivering om die dominante Nigeriese tale aan te leer, kan kniehalter (sien Dada, 1985: 291).

In sy evaluering van die nuwe taalbeleid, voer Dada (1985: 291) verder aan dat die koste verbonde aan die implementering van die taalbeleid buitensporig is. Geld en hulpmiddele wat aangewend moet word om die korpusse van die agtergeblewe tale te ontwikkel, die voorsien van gespesialiseerde onderwysers en die produksie van materiaal is van die remmende faktore op die implementering van die taalbeleid. Daarom beveel hy aan dat minder tale oorweeg moet word.

Dada (1985) se kritiek teen die taalbeleid berus op die soeke na pragmatiese oplossings. Wesenlike veranderinge aan 'n bepaalde beleid, waardeur veeltaligheid erkenning kry, kán praktiese probleme tot gevolg hê. Dada (1985) verloor egter uit die oog dat taalbeplanning toekomsgerig is. Praktiese keuses is uit die aard van die saak makliker keuses, maar nie noodwendig beter nie. Die keuse om aan die doel van taalbeplanning te beantwoord is

voorwaar 'n moeiliker een.

Alhoewel daar in die Nigeriese taalbeleid 'n onderskeid getref word in die toekenning van taalfunksies van verskillende tale (vergelyk die posisie van Engels teenoor die inheemse tale asook die posisie van Hausa, Yoruba, en Igbo met die van die ander inheemse tale), is die groot pluspunt dat veeltaligheid bevorder word. Die onderliggende taalideologiese model is duidelik dié van linguistiese pluralisme.

3.4 SAMEVATTING

Beide Namibië en Nigerië sou swaar gebuk moes gaan onder kolonialisme. Met die bevryding van die koloniale juk was die verwagting dat enige vorm van verdrukking en of bevoordeling nie verder geduld sou word nie. Daar taal een van die instrumente van die koloniste was om te beheer en te verdruk, sou 'n mens kon aanvaar dat lande met onafhanklikheid júis sou waak teen die verheffing van een taal bo 'n ander. Want, die verheffing van 'n taal hou die implikasie van bevoordeling in en bevoordeling op sy beurt weer dié van verontregting.

Alhoewel beide Namibië en Nigerië deur hul taalbeleide erkenning probeer gee aan linguistiese verskeidenheid, is dit interessant dat beide een taal verhef bo die ander (in beide gevalle sou die taal 'n uitheemse taal wees). Die dure les van kolonialisme sou dus nie veel baat nie. Kolonialisme het

duidelik sy merk gemaak in die wyse waarop voortaan beplan sou word aan die talebestel van die betrokke lande - of dit beteken die voortbouing op die status quo, of 'n reaksie daarteen.

Beide Afrikastate se talige situasie toon groot ooreenkomste met dié van Suid-Afrika. 'n Groot gedeelte van die inwoners van Suid-Afrika het vir baie jare ook swaar gebuk gegaan onder linguistiese diskriminasie, 'n situasie wat 'n refleksie was van die verdrukkende wetgewing van Apartheid.

In die volgende hoofstuk word 'n historiese oorsig gebied van die ou politieke bestel van Suid-Afrika en word daar in besonder ingegaan op die rol van nasionalisme, meer bepaald Afrikanersnasionalisme, in taalbeplanning binne Suid-Afrika.



HOOFSTUK 4

TAALBEPLANNING BINNE SUID-AFRIKA: DIE ROL VAN AFRIKANERNASIONALISME

4.1 INLEIDING

Die oogmerk van die hoofstuk is om die rol van nasionalisme, meer bepaald Afrikanernasionalisme, in taalbeplanning binne Suid-Afrika aan te toon. Daar sal primêr gefokusseer word op die prosesse onderliggend aan die beplanning van die Afrikaanse taal. Voorts word die determinerende invloed van Afrikanernasionalisme ten opsigte van die ander Suid-Afrikaanse tale se posisie ondersoek.



4.2 AFRIKANERNASIONALISME EN AFRIKAANS

Die posisie (ontwikkeling en uitbreiding) van Afrikaans kan herlei word na die stryd om en die vestiging van Afrikanerheerskappy. Die opkoms van Afrikanernasionalisme het hand aan hand geloop met die bevordering van die Afrikaanse taal. Die hegte band tussen nasionalisme en taal is nie uniek aan die Suid-Afrikaanse konteks nie. Vir nasionaliste dien taal in die algemeen, as "a link with the 'glorious past' and with authenticity" (Fishman, 1972c: 44). Taal dien nie bloot as voertuig van 'n nasionalistiese geskiedenis

nie, maar is dit deel van die geskiedenis self (Fasold, 1984: 2). Fasold wys voorts daarop dat nasionaliste neig om aanspraak te kan maak op 'n "eie" taal, 'n taal wat hul as groep met mekaar verbind. Groot simboliese waarde word aan só 'n taal geheg.

Omdat 'n nasionale taal een van die fundamentele bestanddele is van 'n nasionalisme het die Afrikaner in sy soeke na 'n eie identiteit Afrikaans sy eie probeer maak. Die Afrikaner sou homself die taak oplê om die Afrikaanse taal te ontwikkel sodat dit sy eie belange kan dien. Malan (word Eerste Minister van Suid-Afrika in 1948) se uitspraak in 1908, is 'n onteenseglike bewys hiervan, vergelyk: "Verhef de Afrikaanse taal tot schrijftaal, maak haar de draagster van onze kultuur, ... , onze nationale idealen, en gij verheft daarmee ook het volk dat haar spreekt" (Malan, 1908 aangehaal deur O'Meara, 1983).



Soos alle nasionalistiese bewegings het ook Afrikanernasionalisme sy eie geskepte simboliek en geskiedenis waardeur die gedeelde ervarings van Afrikaners beklemtoon word.

Oor die aanvang en oorsprong van dié nasionalistiese beweging is daar verskeie menings. Labuschagne (1980: 3) voer die ontwaking van Afrikanernasionalisme sover terug as 1806, tydens die tweede Britse besetting van die Kaap. Sy skryf dit toe aan 'n Afrikaner-Hollanderstryd teen Britse verswelging.

Die meeste historici is van mening dat die ontwikkelings in en rondom 1875 die opkoms van Afrikanernasionalisme tot gevolg gehad het (Giliomee, 1984: 32). Dit hou verband met die stigting van die *Genootskap vir Regte Afrikaners* (GRA) in 1875, die *Boeren Vereeniging* en die *Zuid Afrikaansche Boeren Beschermins Vereeniging* (BBV) in 1878.

Giliomee (1984: 5 -12) bied 'n opsomming van momente in die geskiedenis van die Afrikaner-Hollander wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van genoemde organisasies. In 1850, toe te skryf aan ondertrouery en gedeelde ervaringe soos lidmaatskap aan dieselfde kerke (Nederduits-Gereformeerde en Luters), die gebruik van 'n gemeenskaplike taal (of variëteite daarvan) en historiese agtergrond, kon die Afrikaner-Hollander volgens Giliomee (1984: 5) geëtiketteer word as etniese groep. Hy verduidelik dat dié etikettering op kulturele gronde berus en daarom 'n vorm van kulturele etnisiteit is. In aansluiting by Labuschagne (1980: 3) skryf Giliomee (1984: 5) die ontwikkeling van die Afrikaner-Hollander etnisiteit sedert 1850 hoofsaaklik toe aan twee interafhanklike magte. Giliomee (1984: 5) bied die integrasie van Suid-Afrika in Westerse (meer bepaald Britse) kapitalisme as een van die faktore. Die Westerse wêreld, met Brittanje as die voorloper, het onder die dekmantel van "vooruitgang" (progress) 'n era van industrialisasie en dinamiese kapitalisme ingegaan. Dit het tot gevolg gehad dat die Wêreld ekonomie al hoe meer onderontwikkelde areas binnegedring het (Giliomee, 1984: 5). Dié aggressiewe penetrasie het aan inwoners van dié gebiede 'n keuse gelaat tussen "a doomed resistance of their ancient

traditions and ways, and a traumatic process of seizing the weapons of the West and turning them against the conquerors: of understanding and manipulating "progress" themselves" (Hobsbawn aangehaal deur Giliomee, 1984: 4).

Die tweede faktor wat die ontwikkeling van etniese 'n gevoel tussen Afrikaner-Hollanders tot gevolg gehad het, is volgens Giliomee (1984: 6) die pogings van die Britte om die nasionale oplewing onder die Afrikaner-Hollander te smoor. Volgens Steyn (1987: 81) was die Britse ideaal om die Suid-Afrikaanse bevolking in die Britse kultuur en taal op te neem - kulturele imperialisme. Dit het tot gevolg gehad dat die Britte doelbewuste en doelgerigte pogings aangewend het om die Engelse kultuur en taal te bevorder, in stedelike sowel as plattelandse gebiede (Giliomee, 1984: 6). Om dié ideaal te verwesenlik, het die Britte Engels tot handelstaal, onderwystaal en intellektuele diskoers verhef (Steyn, 1987: 81).

In die sewentigerjare van die neëntiende eeu was die eerste daadwerklike pogings aangewend om 'n bepaalde etniese ideologie en kultuur vir die Afrikaner-Hollander in die Paarl-Wellington area te ontwikkel (Giliomee, 1984: 29). Pannevis, Hoogenhout (twee Hollandse onderwysers) asook Du Toit ('n predikant van die Nederduits-Gereformeerde kerk) het hierin 'n onmisbare rol gespeel.

Pannevis en veral Hoogenhout het Afrikaans (lae Hollands) gesien as 'n

potensiële instrument om Britse hegemonie te opponeer. Daarom het hulle Afrikaner-Hollanders probeer oortuig dat Afrikaans 'n taal in eie reg is en dat dít eintlik die taal van Afrikaner-Hollanders moet wees. Die ironie hiervan is dat Pannevis hom aanvanklik beywer het om die Bybel in Afrikaans vertaal te kry sodat gekleurdes wat nie Hollands of Engels verstaan het nie toegang tot die Bybel kon hê (Giliomee, 1984: 29).

In 'n poging om Afrikaner-Hollanders te oortuig, het Hoogenhout geargumenteer: "The *volk* was being bastardised by the way in which English had completely usurped everything in the name of Progress" (Giliomee, 1984: 29). Du Toit, die Nederduits-Gereformeerde predikant, het Pannevis en Hoogenhout gesteun in die stryd teen Britse imperialisme en het hy hom beywer om Afrikaans dié merker van die Afrikaneridentiteit te maak.



In 1875 is die *Genootskap vir Regte Afrikaners* (GRA) gestig, met die doel om te staan vir hulle taal, hulle nasie en hulle land (Labuschagne, 1980: 4). Hierdeur het die GRA onderneem om die Afrikaanse taal te bevorder totdat dit erken sou word as nasionaal-etniese taal (Giliomee, 1984: 30). Daarom word die GRA dan ook beskou as die Eertse Afrikaanse Taalbeweging. In die lig van die doel, naamlik die beskerming en bevordering van Afrikanerideale, beskou Labuschagne (1980: 4) die GRA as die voorloper van die latere Afrikaner kultuurorganisasies.

Die Hollanders het bedreig gevoel en die gevolg was dat organisasies, soos die *Boeren Vereeniging* en die *Zuid Afrikaansche Boeren Bescherms Vereeniging* (BBV), in dié tyd gestig is om die Hollandse taal te beskerm en bevorder. Anders as die GRA en die *Boeren Vereeniging* was die BBV 'n inklusiewe organisasie in soverre dit ook Engelssprekendes geakkomodeer het (Giliomee, 1984: 31).

In 1880 stig Du Toit die *Afrikaner Bond* met die doel om die aktiwiteite van die GRA, Boeren Vereeniging en die BBV te koördineer. Volgens Giliomee (1984: 32) is die beginsels waarop die *Afrikaner Bond* gegrond is duidelik 'n kompromie tussen die eksklusiewe en inklusiewe aard van onderskeidelik die GRA en die BBV.



Die Suid-Afrikaanse oorlog van 1899-1902 het tot gevolg gehad dat die taalregte van die meerderheid Suid-Afrikaners opgeskort is. Engels het toe die taal van die landsbestuur geword (Steyn, 1987: 81). Dít het onder meer ingehou dat Engels die taal van die geregshoue, die staatsdiens en onderwys geword het. Die Britse vasbeslotenheid om hul doel te verwesenlik word volgens Steyn (1987) in die standpunte en optrede van die Engelse uit dié tyd gereflekteer. Steyn (aangehaal deur Scholtz 1978), bied 'n paar van dié standpunte en optredes: "They (the "Progressives") protested against the establishment of a separate Afrikaner nationality. They wanted the rising generation British" (346); die woorde van die Britse Minister van Kolonies (in 1903): "Any aspirations for a separate Dutch identity are absurd and

ridiculous" (268). Steyn (1987: 84) wys voorts op die "Unioniste", asook "Milner's Young Men" en "Milners Kindergarden" se alleroorheersende motief, naamlik om Suid-Afrikaners tot onderhorigheid aan die Britse Ryk te dwing.

Die voortgesette ongelyke bedeling van taalfunksies deur die Britte het veral weerstand van Afrikaner-Hollander politici en akademici ontketen. Hofmeyer (leier van die BBV) het in 1905, tydens 'n toespraak in Stellenboch, 'n beroep gedoen dat Hollands tot sy reg moet kom (Giliomee, 1984: 32). Die jonger intellektuele het ook die idee van gelyke taalregte gesteun, maar hulle was minder entoesiasies in hul stryd vir Hollands. Giliomee (1984: 46) voer aan dat Afrikaner-Hollanders reeds in die tagtiger- en neëntigerjare van die neëntiende eeu van mening was dat 'n aandrang op Hollands as opvoedkundige instrument implisiet beteken dat die groot groep Afrikaner-Hollanders (van die laer klas) hierdeur afgeskryf word omdat hulle nooit daarin sal slaag om die Hollandse taal te bemeester nie. Vir hulle het die oplossing daarin gelê dat die Afrikaners se taal eerstens gestroop moet word van die stigma as taal van armes en kleurlinge (Giliomee, 1984: 46). Voorts moet pogings aangewend word om dit te omskep in 'n taal (beide die gesproke sowel as geskrewe vorm) wat respek sal afdwing. Dit het behels dat dié taal se korpus "professioneel" beplan moet word. Dit het onder meer ingehou het dat Afrikaans se spelling eerstens sterk moet leun op 'n vereenvoudigde vorm van Hollands in plaas van die ultra-fonetiese spelling van die GRA, tweedens dat daar 'n letterkunde geskep moet word in plaas

van 'n versameling rympies.

In 1909 is die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns* (later *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*) gestig. Die liggaam se aanvanklike doel was om beide Afrikaans en Hollands te bevorder. Bosman (1959: 73) omskryf dié doel as volg: "Hierdie stigting was 'n welbewuste poging om die stryd van die tydperk tussen Hoog-Hollands en Afrikaans te beëindig; verder, om die samewerking van die twee groepe te verkry vir die handhawing en bevordering van Hollands, en om die Hollands-Afrikaanse kultuur te steun in sy kamp op lewe en dood teen die oppermagtige Engelse taal en kultuur van daardie tyd". In 1914, met Langenhoven se optrede, gesteun deur Totius, het die Akademie sy roeping as 'n Afrikaanse instelling gesien, met die heil en welvaart van die Afrikaanse taal en kultuur as sy hoofdoel en Hollands slegs as 'n hulpmiddel (Bosman, 1959: 87). Ook die ingesteldheid van studente van Stellenbosch sou sorg dat die Akademie hom slegs beywer vir Afrikaans: "Among the Stellenbosch student Afrikaans had already won the day and they would enthusiastically carry it out as the ethnic language of a new people - the Afrikaners (Giliomee, 1984: 47).

Met Uniewording in 1910, het Afrikaners voor die vraag te staan gekom of hulle hulself met die nuwe Suid-Afrikaanse (blanke) volk kan identifiseer. Giliomee (1981: 78) argumenteer dat die afsweer, onderbeklemtoning of mobilisering van die etniese identiteit tóé die grondslag van politieke strategieë geword het. Daarom wil Giliomee (1981: 78) die skeuring in

Afrikanergeleedere met die totstandkoming van die Nasionale Party binne drie jaar na Uniewording herlei tot botsende konsepsies oor die Afrikaner se plek in die nuwe staatsverband. Hy wys ook voorts op die belangrike aksentveskille in die konsepsie van wat die vernaamste politieke leiers van die dag "nasionaliteit" genoem het.

Louis Botha het nasionaliteit inklusief gedefinieer. Alle blanke inwoners (hetsy Engelssprekend, Hollandsprekend, Afrikaanssprekend of watter taal ookal) het vir hom die Suid-Afrikaanse nasie gevorm: "Allen die Zuid-Afrika tot hun tehuis gekozen hebben, moeten zich beskaschouwen als kinderen van één huis bekend zijn onder de naam Zuid-afrikaners" (Mulder en Cruywagen (1964: 13) aangehaal in Giliomee, 1981: 79).

Generaal J. B. M. Hertzog en dr. D. F. Malan het hierdie standpunt verwerp. Hertzog het geargumenteer dat Afrikaners hulle unieke "nasionaliteit" moet behou. Volgens hom het die Afrikaners 'n unieke rol gespeel en was hy nie bereid dat hulle in Botha se "nasionaliteit" opgeneem moet word nie (Giliomee, 1981: 79). Malan was van mening dat die Afrikanervolk alle reg het om aan sy "nasionaliteit" vas te hou as iets wat deur die jare deur God bewaar is; daarom mag nasionale eenheid nie beklemtoon word ten koste van die dualiteit van die blanke bevolking nie (Pienaar aangehaal in Giliomee, 1981: 79).

Omdat die stryd om Afrikaans vir die Afrikaner in hoofsaak gegaan het om

die erkenning daarvan as amptelike taal, sou die standaardisering daarvan 'n noodwendigheid wees. Dit het beteken dat die Afrikaanse taal se korpus beplan moet word. Die Akademie sou hierin 'n belangrike rol speel. In 1915 is 'n afsonderlike kommissie vir taalaangeleenthede ontwikkel. Die taak om Afrikaans te kodifiseer is aan die lede van dié kommissie opgedra en in 1917 verskyn die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Wat logies hieruit voortgevlei het, was dat hulle waardeoordele deurslaggewend was vir keuses wat gemaak sou word. Die politieke prosesse hierby betrokke is nie te betwyfel nie, want soos Van Rensburg (1989: 7) dit ook stel, is politiek juis die wieg waarin standaardtale gebore word. Die keuses wat gemaak is het noodwendig die belange van die belangegroep gedien. Die uiteinde was dat Afrikaans deur Afrikaners vir Afrikaners gestandaardiseer is. Die belange van ander Afrikaanssprekendes is hierdeur misken.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die stryd om erkenning van Afrikaans is in 1925 voltoer toe Afrikaans naas Engels ampstaal word in Suid-Afrika (Van Rensburg, 1989: 7). Die Akademie se rol in die bevordering van Afrikaans is nie beperk tot die standaardisering daarvan nie. Bosman (1959: 73) wys daarop dat die Akademie 'n unieke en dikwels deurslaggewende rol gespeel het sedert die erkenning daarvan as ampstaal. Tot en met vandag is die rol van die Akademie ten opsigte van die Afrikaanse taal nie te betwyfel nie.

Die stryd vir Afrikaans, die ontwikkeling en bevordering daarvan, is egter nie alleen deur die *Akademie vir Wetenskap en Kuns* opgeneem nie.

Verskillende instellings soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, die kerk en die pers sou 'n deurslaggewende rol speel in die voortgesette stryd om die voortbestaan van Afrikaans.

4.2.1 DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGS

Die stryd vir Afrikaans deur die Afrikaners het nie opgehou na die erkenning daarvan as amptelike taal nie. Die aksent was na 1925 meer op die handhawing as die skepping daarvan, soos Van Rensburg (1983: 179) dit ook stel: "[Vir] Afrikaans het die handhaaffase geleidelik na 1925 begin." Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings ('n organisasie van die Afrikaner Broederbond) is tydens 'n uniale taalkonferensie te Bloemfontein, op 24 Augustus 1929 in die lewe geroep. Die kroonspreuk, "Handhaaf en Bou", het die bevordering van 'n nouer samewerking tussen alle Afrikaanse kultuur- en aanverwante vereniginge ten doel gehad, met die oog op:

- gesamentlike, en waar nodig, gelyktydige optrede;
- die beskerming en opbouing van 'n eie nasionale kultuur, gegrond op die godsdiens en tradisies van die Afrikaner; en
- die behartiging van ander, daarmee in verband staande sake.

Die eerste en belangrikste take onderneem deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.), was hul taalprojek. Ten opsigte hiervan was "its conscious goal to modernise Afrikaans, adopting it to industrial society,

transforming it from the language of the veld and farm to the language of city, factory and commerce. In doing so it drew together, coordinated, directed and planned the full resources of Afrikaner intellectuals" (O'Meara, 1983: 74).

Die doel van die taalprojek van die F.A.K. bevestig opnuut die dialektiese verbintenis wat daar bestaan tussen status- en korpusbeplanning. Ten einde Afrikaans se posisie te handhaaf is besef dat aan die taal se korpus voortdurend gebou moet. Ook die F.A.K. het hul bemoei met die beplanning van die Afrikaanse taal se korpus. Die belangegroep, die Afrikaner Broederbond, is opsigself veelseggend in terme van keuses wat gemaak is.



4.2.2 DIE ROL VAN SUID-AFRIKAANSE KOERANTE

Ook Afrikaanse koerante het ongetwyfeld 'n groot rol gespeel in die vestiging en uitbouing van die Afrikaanse taal en ook die stimulering van Afrikaanse letterkunde. Du Preez (1983: 2) wys daarop dat die meeste Afrikaanse koerante gestig is met die doel om Afrikanernasionalisme te bevorder. Gegee die verbondenheid tussen Afrikanernasionalisme en die Afrikaanse taal, is die gelyktydige bevordering van Afrikaans 'n noodwendigheid.

Die aanname dat beriggewing meer as bloot die weergee van nuuswaardighede is, is belangrik in hierdie verband. Koerante word deur

belangegroep geïnfansier. Daarom is die moontlikheid nie uitgesluit dat die proses van berigging die belange van dié sulke groepe sal dien nie. Die voormalige redakteure van die verskillende Afrikaanse koerante is in dié verband veelseggend: die eerste Nasionale Eerste Minister, D.F. Malan, die redakteur van *Die Burger*; Hendrik Verwoerd (derde Nasionale Eerste Minister), die redakteur van *Die Transvaler*, en Andries Treurnicht (voormalige leier van die Konserwatiewe Party) die redakteur van *Hoofstad*.

Die Burger (verskyn die eerste keer op 26 Julie 1915) se beleid bevestig opnuut wat die nuusgebeure in Afrikaanse koerante ten doel gehad het, vergelyk: "Het sal erkennen het bestaan van 'n Afrikaner nationaliteit. ... Met deze nationaliteit wil het zich een gevoelen. Daarvan wil het de vertegenwoordiger en de tolk zijn. Over die besondere belange daarvan wil het waken". D.F. Malan se uitspraak van 1935 sluit hierby aan:



Die Nasionale Pers en *Die Burger* is, omdat hulle uitdrukking gee aan die diepste aspirasies van die Afrikaner; omdat hulle die diepste instinkte van 'n wordende volk verteenwoordig ... Omdat die Nasionale Pers dit is, is hy die anker van veiligheid vir die Afrikanerdom; daarom is hy die hoop van die toekoms; daarom is hý die waarborg van die Afrikanerdom se bestaan. [Aan] die Afrikanerdom wil ek sê: Jy hoef nie bang te wees nie, omdat die Nasionale Pers daar is; en aan die Nasionale Pers wil ek sê: jy hoef nie bang te wees nie, omdat die Afrikanervolk daar is .

4.2.3 DIE ROL VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK

Die Afrikanernasionalis se idees was ook sterk gedra en gesteun deur die

Nederduits Gereformeerde Kerk. Die vlamme van Afrikanernasionalisme en die versterking van die Afrikaneridentiteit wat daarmee gepaardgegaan het, was dan ook deur dié kerk lewend gehou.

Die strewe na Afrikaner-supremasie is volvoer in 1948 met die bewindsoorname van die Nasionale Party, en die formulering en aanname van apartheidswetgewing het sedertdien getriomfeer.

4.3 AFRIKAANS AS INSTRUMENT VAN VERDRUKKING

Die Afrikaanse taal sou van toe af die instrument wees waarmee die sondes van dié politieke beleid gepleeg sal word. Dit sou onder andere die medium van wetgewing en gesagstrukture wees. Afrikaans het soos Gerwel (1985: 40) dit stel, die definiërende eienskap geword van 'n nasionalisme wat die grootste gedeelte van die bevolking ervaar, veral vanweë die arogansie en wreedheid daarvan. In hierdie oorwinning het Afrikaans al meer die draer van 'n politieke gedagte geword - Afrikaans het nou die taal van die Groepsgebiedewet, die Ontugwet en alles wat gepaard gegaan het met die beleid van Apartheid (Du Plessis, 1987: 213).

Omdat die Afrikaanse taal en nié Engels nie met die regering van die Nasionale Party na 1948 vereenselwig is, word die taal dikwels as die taal van die verdrukker geëtiketteer. Hierdie siening omtrent Afrikaans kan toegeskryf word aan die persepsie dat dit die instrument en

kommunikasie-middel was vir die toepassing van onderdrukkende wetgewing. Wat hier van belang is, is dat dit nie die taal self is wat die ewel is nie, maar dat dit veel eerder mense is wat die taal aanwend om ewels te pleeg.

Belangrik om in gedagte te hou is dat Afrikaans nie uniek in die opsig is, deurdat wette in dié taal vir andertaliges gemaak word nie. In hierdie verband merk Le Page (1964: 14) op: "Very large numbers of people in the world today are having laws and other social arrangements made for them in languages which they do not easily understand". Daarom kan die onaanvaarbaarheid van Afrikaans nie toegeskryf word aan die feit dat wette daarin gemaak en toegepas is nie (vergelyk ook Du Plessis 1987). Dit is hoofsaaklik die aard van die wette en veral die praktiese toepassing daarvan, wat Afrikaans polities gestigmatiseer het.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Taal het beslis 'n belangrike rol te speel in ons alledaagse sosiale interaksie met ander. Daarom speel taal bepaald 'n rol in die openbaring van die magsverhoudinge soos vergestalt in die sosiale en politieke verhoudings. (vergelyk Anderson, 1988: 24). Daarom sal taal in die hande van die maghebbers 'n uiters effektiewe middel wees vir kontrole oor die sosiale lewe van 'n bepaalde gemeenskap. Taal is nie alleen die gevolg van sosiale gedrag nie; dit is veral 'n bepaler van sosiale gedrag.

Op politieke en ekonomiese gebiede is die Afrikaner een van die toonaangewende groepe in Suid-Afrika. Die keuse van 'n verkeerstaal hou

verband met die magsverhoudinge in 'n samelewing (Ponelis, 1987). Ponelis (1987) wys in hierdie verband daarop dat die lede van 'n betrokke samelewing terdeë bewus is dat hulle vir enige sosiale transaksie in gedagte moet hou wat die dominante en toonaangewende groep verlang. Daarom hou die kennis van Afrikaans en/of Engels ongetwyfeld ekonomiese nut in. Werkseleenthede in die staatsdiens byvoorbeeld, sal meer toeganklik wees vir diegene wat wel die amptelike tale goed kan beheers. Die andertaliges is alreeds gediskwalifiseer, nie vanweë hulle onbevoegdheid vir die beroep nie, maar vanweë hul onbevoegdheid om "goed" in die amptelike tale te kan opereer. Dít kom neer op 'n vorm van taaldiskriminasie.

Amptelike tale geniet politieke erkenning deur die regering van die dag. Daarom word 'n bepaalde land en ook die inwoners daarvan in en deur dié tale regeer en beheer. Die gevolg is dat alle inwoners die amptelike tale moet kan beheers en vaardig daarin wees om hul kommunikasie met die staatsapparaat moontlik te maak. Daarom is dit begryplik dat andertaliges, al is dit net vir alle praktiese doeleindes, genoodsaak is om die tale van die dominante kultuurgroep of groepe aan te leer.

Die realiteit is dat die inwoners van Suid-Afrika vir 'n lang tyd in 'n Afrikaner-gedomineerde samelewing geleef het. Die kennis van en bevoegdheid in die twee amptelike tale sou essensieel wees vir sosiale mobiliteit. Schuring (1990) is van mening dat Afrikaans se ampstaalstatus ongetwyfeld bygedra het tot die verbreidheid daarvan as verkeerstaal,

aangesien dit vir 'n lang tyd 'n belangrike medium was vir onderhandeling met die owerheid. Daarom kon 'n mens dan ook verwag dat beide tale (Afrikaans en Engels) redelik algemeen deur die totale bevolking geken en gebruik sou word. Die omgekeerde sou geld ten opsigte van nie-ampstale. Hierdie situasie sou verder verseker word deur die onderwysbeleid.

4.4 DIE AFRIKANERNASIONALIS EN ONDERWYS


Die kerk sou veral ook 'n groot rol speel in die propagering van moedertaalonderrig en daarom aparte onderwys. 'n Skeiding wat op grond van etnies-linguistiese gronde, ter wille van die beskerming van die Afrikaner en hul toegeënde taal, Afrikaans gemaak sou word. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak wat gemaak is deur die moderator van die kerk, uiteengesit in *Die Kerkbode* van 5 Maart 1941:

There are indications that our Church must get ready to fight again for the preservation of our separate schools and thereby to assure the continued existence of our Church. It is the firm policy of the church, strongly reiterated at our last Synod, that our children must be educated in separate schools with Afrikaans as medium ... Not only the salvation of our volk but the preservation of our Church depends in large measure on separate schools (aangehaal deur O'Meara, 1983: 77).

Die voorkeur vir monolinguietiese skole deur die Afrikanernasionalis was nie alleen om die Afrikaanse taal te beskerm nie. Hierdie oorweging was ook 'n doelbewuste poging om die verskillende linguistiese groepe van mekaar te

isoleer nie, maar óók van die dominante groep. Dit sou die versekering inhou dat dié groepe geïsoleerd sal wees van moontlikhede vir vooruitgang, sowel as van internasionale literatuur en ander kontakte.

Die Afrikaner het binne die raamwerk van Christelike Nasionale Onderwys en sub-komponent, Bantoe Onderwys, júís die onderwys aangewend om die genoemde ongelyke magsverhoudinge in die maatskappy te reprodukeer. Die idee met die instelling van "Bantoe Onderwys" was om die student voor te berei vir die goedkoop arbeidsmark en daardeur die dominante kultuurgroep se dominansie te verseker. Hierdie doel is dan ook eksplisiet uitgespreek deur die destydse minister van "Bantoesake", dr. Hendrik Verwoerd (1954):




Native education should be controlled in such a way that it should be in accord with the policy of the state ... If the native in South Africa today in any kind of school in existence is being taught to expect that he will live his adult life under a policy of equal rights, he is making a big mistake ... There is no place for him in the European community above the level of certain forms of labour ... For that reason it is of no avail for him (sic) to receive a training which has its aim the absorption in the European community where he cannot be (sic) absorbed.

Die onderliggende benadering was dat onderwys, ook taalonderwys, gerig moes wees op die voortsetting van die afhanklikheid van verdruktes in Suid-Afrika. Alhoewel dit nie 'n verklaarde beleid was in Bantoe Onderwys dat Afrikatale onderdruk moes word nie, was die verskuilde agenda veel eerder om hul "aan te moedig". Hierdie bedekte doel is gelees as deel van 'n beleid "to retribalize all Africans" (Trudgill, 1986: 156) in aparte geïsoleerde

etniese groepe en is geïnterpreteer as deel van die "divide-and-rule"-strategie (Trudgill, 1986: 156).

Vir die Afrikaanse taalgemeenskap sou hierdie beleid van moedertaalonderrig 'n probleem van 'n ander aard kry, want Afrikaans was en is nie alleen die moedertaal van die Afrikaner nie. Die "ander" moedertaalsprekers van Afrikaans was egter, soos Esterhuyse (1986: 7) daarna verwys, wel die taalgenote van die Afrikaner, maar nie hul kleurgenote nie. Die ongemaklike posisie sou alleenlik "opgelos" kon word deur "die ander" polities, kultureel en sover moontlik ook geografies uit die eeu-oue Afrikaanse spraakgemeenskap te verwyder (Esterhuyse, 1989: 7). Die beste sou wees om die donkerder deel van die Afrikaanse spraakgemeenskap tot 'n volk-in-wording te verklaar, 'n "Kleurlingvolk" en 'n "Kleurlingras", om op dié wyse die skeiding te regverdig (Esterhuyse, 1989: 8).



Die Afrikaner sou daarin kon slaag om die Suid-Afrikaanse bevolking op grond van taal in etniese kompartemente te deel, maar die pogings om Engels te verdring, sou egter misluk. Met die erkenning van beide Afrikaans en Engels as die twee amptelike tale, is tweetaligheid as opvoedkundige doelstelling ingestel. Volgens Malherbe (1946: 4) was daar basies drie kompeterende kurrikulêre benaderingswyses ten opsigte van die beginsel van tweetaligheid, te wete afsonderlike skoolstelsels; parallelle skoolstelsels en dubbelmedium skoolstelsels.

Die idee van aparte onderwys (afsonderlike skoolstelsel) het behels dat die leerling se moedertaal sy onderrigmedium moes wees en dat die tweede taal bloot as skoolvak aangebied moes word.

Parallele skoolstelsels het ingehou dat die leerlinge wel in hul moedertaal onderrig sou ontvang, maar dat die skoling (beide tale) binne dieselfde skool sou geskied. Malherbe (1946: 4) voer in hierdie verband aan: "The mere fact of having the two sections in the same school eliminates, under the right principal, much of the bitterness found in many single medium (separate) schools" (Malherbe, 1946: 4).

Die dubbelmedium skoolstelsel het behels dat beide amptelike tale gebruik sou word as onderrigmedium (op verskeie wyses) in dieselfde klaskameropset.



In die lig van die drie kompeterende kurrikulêre benaderingswyses, word dit duidelik dat die pedagogiese belange ter sprake dus was of die Afrikaanssprekende en Engelssprekende leerlinge geïntegreer moes word, en of beide tale gebruik moes word as onderrigmedium vir elke kind.

Die taalbeleid na 1925 het ingehou dat ten minste een van die twee amptelike tale 'n verpligte tweede taal op skool moes wees. Vir die meeste Suid-Afrikaanse inwoners was dit dan ook die medium van onderrig op hoërskool. In kontras hiermee, word die Afrikatale op streeksvlak onderrig

en wanneer dit nie as eerste taal onderrig word nie, word daar op senior-primêre skoolvlak weinig aandag daaraan gegee of soos Stanley Ridge (1990: 6) dit stel: "Where they are generally treated as dead languages, spoken by people in another place, another time."

Die gevolg van die talebestel (waardeur die uitbreiding van Afrikaans en Engels ten koste van Afrikatale bevorder is) was dat Afrikataalsprekers Engels bo hul eie tale verkies het. Die persepsie was dat beheer oor die Engelse taal die arbeidsmark meer toeganklik maak en die ontsluiting van die akademie moontlik maak. Afrikaans is vir dié funksie gediskwalifiseer as gevolg van die ideologiese bagasie wat dit met hom saamdra.

4.5 DIE INVLOED VAN AFRIKANERNASIONALISME OP DIE POSISIE VAN ANDER SUID-AFRIKAANSE TALE



Afrikanernasionalisme het nie alleen 'n rol gespeel ten opsigte van die Afrikaanse taal nie. Dit het ook 'n invloed gehad op die posisie van ander Suid-Afrikaanse tale. Dit is 'n enge nasionalisme, geskoei op die strewe na Afrikaner-supremasie. Dít het gepaardgegaan met die onderwerping, verdrukking en miskenning van die politieke regte van die Swart bewoners van Suid-Afrika en daarmee saam hul tale. Hierdeur het dit opsigself ontaard in 'n vorm van imperialisme. In hierdie verband wys Van den Berghe (1968: 215) daarop dat die Afrikaner in Suid-Afrika met Afrikanernasionalisme, 'n ander kleur aan die klassieke vorm van nasionalisme gegee het deur die

toevoeging van 'n verdere element, naamlik rassisme.

Die breër nasionalistiese aspirasies, naamlik die strewende om die instelling van 'n politieke stelsel van verdeel-en-beheer, sou ook in en deur taal verweselik word. Die inwoners van Suid-Afrika is dan ook op linguistiese gronde in etniese groepe verdeel. Die sprekers van die nie-amptelike tale beklee net soos hul tale 'n ondergeskikte posisie.

Die onderliggende beginsels wat gegeld het ten opsigte van besluitneming oor taal is ook duidelik identifiseerbaar. Alhoewel die Afrikanernasionalis, anders as die Britse imperialis, nie ten doel gehad het om die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel te Afrikaniseer nie (taalassimilasie), was die idee om aan Afrikaans linguistiese superioriteit te verskaf. Die ampstatus daarvan sou vereis dat alle taalgebruikers (van watter taal ookal) die dominante taal of tale moes verstaan en kon praat. Die veeltaligheid van die Suid-Afrikaanse samelewing is misken in die toekenning van hoër taalfunksies. Die gevolg is dat die "ander" se tale minderwaardig geword het. Voorts het die magshebbers geen doelgerigte en doelbewuste pogings aangewend om dié tale te ontwikkel en te bevorder nie.

Gemeet aan die verskillende taalideologiese modelle, is dié talebestel baie duidelik 'n verwronge vorm van taalassimilasie. Alhoewel dit nie 'n suiwer vorm van taalassimilasie nie, is die gevolge daarvan dieselfde as dié van taalassimilasie.

Alhoewel die veeltaligheid van die Suid-Afrikaanse samelewing in die toekenning van hoër taalfunksies misken is, is daar erkenning gegee aan die linguistiese verskeidenheid. Die voorkeur aan moedertaalonderrig is 'n genoegsame bewys hiervan. Die erkenning van die linguistiese verskeidenheid (linguistiese pluralisme) was egter nie 'n waarborg vir linguistiese gelykheid nie. Dit was nie die intensie van die magshebbers om gelyke bestaansreg aan alle tale te verskaf nie. Die "ander" tale was bloot verduur en is slegs "toegelaat" om beperkte funksies te verrig - 'n afgewaterde vorm van linguistiese pluralisme in die terminologie van Du Plessis (1991).

Die evaluering van die posisie van Afrikaans aan die hand van die verskillende taalideologiese modelle sal verskillende konklusies tot gevolg hê. Dít hou verband met die polemieë rondom die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans: is dit 'n dialek van 17de-eeuse Nederlands, 'n suiwer Afrikataal, of 'n produk van taalkontak? Dit sal as internasionalisering beskou word wanneer die invloed van Nederlands vir die evalueerder swaarder weeg. Hierteenoor sal die uitgangspunt, naamlik dat Afrikaans 'n Afrikataal is en daarom 'n inheemse taal, vernakularisering aan die orde bring.

As uitheemse taal is Engels verhef tot amptelike taal en as onderrigmedium in die onderrigproses. Die beginsel van internasionalisering het dus gegeld.

Uit die voorafgaande word dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse

taalbeleid na 1925, moeilik in een bepaalde taalmodel gegiet kan word. Wat egter uit die evaluasie aan die lig kom, is dat dié taalbeleid 'n refleksie is van die politieke beleid van verdrukking - die apartheidsbeleid. Só 'n taalbeleid sal noodwendig vir enige demokratiese bestel onaanvaarbaar wees.

Sosio-politieke en ekonomiese faktore het dus 'n bepalende rol gespeel in die huidige verhouding tussen Suid-Afrikaanse tale. Ten opsigte van ontwikkeling en bevordering, het Engels en Afrikaans tans 'n duidelike voorsprong op Afrikatale.

Die faktore wat Engels se posisie verseker het, verskil egter van dié van Afrikaans. Engels se posisie in Suid-Afrika is 'n tipiese geval van waar die taal van die eertydse koloniale regeerders verhef is tot amptelike taal. Vergelyk in die opsig die situasie in onder andere Suriname met Nederlands, Mosambiek met Portugees en Senegal met Frans as amptelike tale. Die posisie van koloniale tale is nié die produk van 'n natuurlike proses nie. Dít hang saam met die ekonomiese en politieke mag van die eertydse koloniale regeerders. Die rol van kolonialisme in die vestiging van Engels se posisie in Suid-Afrika is nie te betwyfel nie.

Die taalstryd soos gevoer en volvoer deur die Afrikanernasionalis het gelei tot 'n nuwe taalideologiese stryd, gekenmerk deur die verset teen taal- en politiese supremasie van Afrikaans en die Afrikanernasionalis.

Die strewe na 'n politieke bestel waardeur erkenning gegee word aan menseregte en daarom ook taalregte van alle Suid-Afrikaners, vereis dat met groter omsigtigheid beplan moet word. Taalbeplanning vir 'n demokratiese gemeenskap sal daarom inhou dat die veeltalige karakter van só 'n land erken word en dat die besluitneming rondom taal dienooreenkomstig moet geskied.

2 Februarie 1990 sou 'n keerpunt bring in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika. Op 27 April 1994 het Suid-Afrika vaarwel toegeroep aan Apartheid. Hierdie verandering het egter nie eenklaps gekom nie. Samesprekings en onderhandelinge tussen hoofrolspelers sou dit voorafgaan. Die besinning oor die plek van ou strukture in die veranderde Suid-Afrika, het noodwendig ook die soeklig op die posisie van tale in die land geplaas. Dié besinning oor die talebestel vir 'n veranderde Suid-Afrika het tot gevolg gehad dat verskillende voorstelle die lig gesien het. 'n Kulminasie van dié voorstelle is vervat in die Grondwet, wet 200 van 1993.

In die volgende hoofstuk word 'n kritiese analise gemaak van dié voorgestelde taalbeleid, soos vervat in die Grondwet.

HOOFSTUK 5

'N KRITIESE EVALUERING

VAN DIE TAALBELEID VIR 'N VERANDERDE SUID-AFRIKA

5.1 INLEIDING

Suid-Afrika se talige geskiedenis word gekenmerk deur 'n tradisie van verdrukking en stryd. As eertydse kolonie van Nederland en Brittanje, is Suid-Afrika se omstandighede nie uitsonderlik nie. Die verdrukkende aard van koloniale wetgewing is ook vergestalt in hul taalbeleide.

Een van die faktore wat die stryd teen kolonialisme (veral Britse imperialisme) aan die gang gesit het, was die opkoms van Afrikanernasionalisme. Die nasionalistiese beweging sou daarom ook 'n stryd teen Engels wees. Die stryd vir Afrikaans deur die Afrikaner is in 1925 volvoer toe Afrikaans naas Engels tot ampstaal verhef is.

Die ontaarding van Afrikanernasionalisme in 'n vorm van imperialisme het die onderwerping, verdrukking en miskenning van menseregte (ook taalregte) van die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking behels. Dit was duidelik dat die belange van die staat en dié van die breër gemeenskap verskil het. Die liggame en akademici verantwoordelik vir taalbeplanning sou hul taak nie sien as een wat verantwoordbaar moet wees aan diegene vir

wie daar beplan word nie. Of soos Crawhall (1992: 3) dit stel: "Their undemocratic nature promoted, at best, bureaucratic bodies out of touch with the real needs of the public".

Die verdrukking in en deur Afrikaans sou egter 'n nuwe taalstryd in Suid-Afrika ontketen. Dié taalstryd was die begin van 'n proses (vergelyk die taalstryd van die vyftigerjare en veral dié van 1976 taalrevolusie in Soweto) wat uiteindelik gekulmineer het in 'n nuwe taalbeleid. Dié proses het egter nie in 'n politieke vakuum geskied nie: politieke verwickelinge en besinning oor die talebestel het hand aan hand geloop.


Na 1976 sou verskeie organisies en akademici soek na alternatiewe wat bestaande diskriminerende maatreëls sou vervang. Een van die organisies wat hiermee gemoeid was, was die *National Language Project* (NLP). Die organisasie is in 1986 in die lewe geroep met die doel om as 'n fasiliteerder te dien vir verskillende taal- en onderwysorganisasies. Die hoofdoel was om 'n projek te loods, "that should become a vehicle for promoting national unity, prior to, during and after the process of liberation" (Mkanganwi, 1992: 7).

Die erns van die taalvraagstuk in Suid-Afrika sou ook akademici noop om toe te tree tot die taaldebat. Die gevolg hiervan was verskeie konferensies, kongresse, seminare en simposia, wat die taalsituasie onder die soeklig geplaas het. So byvoorbeeld word die *Taal en Stryd*-konferensie in April

1989 in Durban gehou. Die koördineerders van dié konferensie was die Afrikaans departemente van die Universiteite van Natal en Wes-Kaapland. In 1990, het die Departement Linguistiek van die Universiteit van die Witwatersrand en *The Institute for the Study of Man* byvoorbeeld die verantwoordelikheid aanvaar vir 'n internasionale simposium oor "Sociolinguistics in Africa", (waartydens ook kwessies rakende toekomstige taalbeplanning vir Suid-Afrika aangespreek is).

Herbesinning oor die talebestel van Suid-Afrika is egter nie beperk tot akademië en organisasies nie. Die agente van die dominante politieke rolspelers sou ook koppe bymekaar sit om dié "probleem" aan te spreek.

Die breër politieke strewes, die strewes na 'n nie-rassige, demokratiese bestel, sou noodwendig politieke denkrigtings ten opsigte van die hantering van tale in Suid-Afrika beïnvloed.



2 Februarie 1990 sou die keerpunt in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika wees. Die einde van gewettigde apartheid is daarna onderhandel. Die onderhandelde bestel word gekenmerk deur 'n Handves van Menseregte waar onder meer die taalregte van Suid-Afrikaners beskerm word. Die uitgangspunte ten opsigte van taalbeplanning, is uiteeraard deur politieke beplanning beïnvloed.

Die breër politieke strewes na nasiebou in Suid-Afrika het taalbeplanners

genoodsaak om erkenning te gee aan veeltaligheid. Die wyse waarop veeltaligheid verreken word, verskil egter in die sin dat dit die belange van verskillende groepe dien. Wat nie buite rekening gelaat moet word nie, is dat verskillende belangegroep se opinies deur uiteenlopende politieke impulse beïnvloed word. Die insette van meningsvormers oor die breë spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing sowel as die uitgangspunte van vername rolspelers, is 'n onteenseglike bewys daarvan. Die voorstelle van die *Akademie vir Wetenskap en Kuns* en die van die *ANC* vir 'n taalbeleid vir 'n veranderde Suid-Afrika is 'n illustrasie hiervan.

Ten opsigte van die erkenning van veeltaligheid blyk daar ooreenkomste te wees: die taalreg van die individu as mensereg moet erken word; die veeltalige karakter van die land word erken; die veeltalige werklikheid moet as bate bevorder en ontwikkel word sodat alle inwoners van die land hulself kan verwesenlik en toegang mag hê tot alle terreine van die lewe; die volgende elf tale word as hooftale van Suid-Afrika erken: Afrikaans, Engels, siNdebele, sePedi, seSotho, siSwati, xiTsonga, seTswana, tshiVenda, siXhosa en siZulu; al hierdie tale word as gelykwaardig beskou en moet die nodige erkenning en beskerming geniet; die idee dat Suid-Afrikaners die reg het om die taal van hul keuse te gebruik; op amptelike vlak mag enige van die hooftale gebruik word; elke Suid-Afrikaanse taal moet tot op die hoogste onderwysvlak as onderrigtaal gebruik word; alle Suid-Afrikaners sal waar prakties moontlik, die reg op opleiding hê in die taal van hulle keuse; ander tale wat ook in Suid-Afrika gebruik word, maar nie een van die hooftale is

nie, moet gerespekteer word; die behoefte vir 'n oorkoepelende Taalraad aan waarin al die hoof tale verteenwoordig is en wat die belange van hierdie tale sal behartig word aangespreek.

Beide argumenteer vir 'n *lingua franca*, "a common language to be used for record purposes or for other special use"(ANC), of landswye amptelike tale van Suid-Afrika (Akademie). Die keuse van dié taal reflekteer uiteenlopende belange. Die ANC staan terwille van 'n eenheidskeppende ideaal 'n meer "neutrale" keuse, Engels, voor. Die beswaar wat hierteen geopper kan word, is dat Engels, gegee sy imperiale verlede nooit in Suid-Afrika as neutraal getipeer kan word nie. Voorts kan dit Sachs (1993: 109) gelykgegee word dat so 'n keuse neerkom op die geringskatting van die taalbehoefte van 'n groot gedeelte van die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Hierteenoor argumenteer die Akademie vir Engels én Afrikaans. Die beweegrede hiervoor kan gelees word as behoudendheid, gegee die historiese rol van die Akademie om Afrikaans te bevorder. Die keuse van twee tale as *lingua franca* is in terme van die bindingsfunksie daarvan inherent kontradiktories.

Die verskillende interpretasies van 'n veeltalige taalbeleid is in Kempton Park by die onderhandelingsstafel onder die soeklig geplaas. Na vele samesprekings is daar uiteindelik 'n kompromie aangegaan wat vervat is in die Grondwet, wet 200 van 1993.

5.2 DIE BEPALINGS VAN DIE GRONDWET

Die Grondwet gee erkenning aan die behoefte vir 'n stelsel waarin alle Suid-Afrikaners die reg het op 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap in 'n soewereine en demokratiese regstaat waarin daar gelykheid tussen mans en vroue en mense van alle rasse is sodat alle burgers in staat is om hulle fundamentele regte en vryhede te geniet en uit te oefen (Staatskoerant, Januarie 1994: 5).

Die Grondwet onderskei verskillende fundamentele regte waarvan taalregte een is (sub-artikel 31). In sub-artikel 3 word inhoud aan taalregte gegee:

* Waar dit uitvoerbaar is, het die persoon die reg om in sy of haar betrekkinge met enige staatsadministrasie op die nasionale regeringsvlak enige amptelike Suid-Afrikaanse taal van sy of haar keuse te gebruik en daarin aangespreek te word.

* Waar dit uitvoerbaar is, het 'n persoon die reg om in sy of haar betrekkinge met enige staatsadministrasie op die provinsiale regeringsvlak enige van die ampstale van sy of haar keuse te gebruik en daarin aangespreek te word.

* 'n Lid van die Parlement kan die Parlement in die ampstaal van sy of haar keuse toespreek.

Ten opsigte van statusbeplanning, wat behels die toekenning of hertoekenning van taalfunksies, is besluit om naas Engels en Afrikaans, nege Afrikatale, naamlik isiNdebele, Sesotho sa Leboa, Sesotho, si Swati, Xitsonga, Setswana, Tshivenda, isiXhosa en isiZulu tot amptelike tale op nasionale vlak te verhef. Aangesien Afrikaans en Engels in die vorige bestel reeds die posisie van ampstaalstatus beklee het, is statusbeplanning ten opsigte van dié twee tale basies 'n hertoekenning van taalfunksies. Die intensie van die wetgewers was nie om die status van dié twee tale te verlaag nie, maar veel eerder om die status van die ander gekose tale te verhoog.

Verder wil die Grondwet die wrange erfenis van die verlede regstel. Vergelyk sub-artikel 9 (a) waar dit as beginsel aanvaar word dat toestande geskep moet word vir die ontwikkeling en die bevordering van die gelyke gebruik en benutting van al die amptelike Suid-Afrikaanse tale. Voorts word onderneem om anders as in die verlede, te verhoed dat taal aangewend word om te verdeel en te beheer. Vergelyk sub-artikel 9 (c) waar dit pertinent gestel word dat die gebruik van enige taal vir die doeleindes van uitbuiting, oorheersing of verdeling ten alle koste voorkom moet word.

Die mate waartoe taalreg as 'n mensereg beklemtoon word asook die keuse van elf tale as ampstale, dui op die erkenning van die veeltalige karakter van die land. Vergelyk sub-artikel 9 (d) waar die bevordering van veeltaligheid die voorsiening van vertalingsfasiliteite, om dié doel te verwesenlik, in

beginsel aanvaar is.

Deurdat daar 'n dialektiese verband tussen status- en korpusbeplanning bestaan, is dit vanselfsprekend dat tale wat gekies word vir hoër taalfunksies se korpuse gereed is om dié funksies te verrig. Indien nie, sal doelbewuste en doelgerigte pogings aangewend word om die korpuse van gekose tale waarvan die korpuse nog nie ontwikkel genoeg is nie, te ontwikkel. Gegee die historiese erfenis waar Afrikatale in Suid-Afrika agterweë gelaat is, is die realiteit dat hierdie tale se korpuse nie voldoende ontwikkel is om die hoë taalfunksies (ampstaalfunksies) te verrig nie.

Die toekenning van ampstaalstatus aan die Afrikatale hou in dat hierdie tale se korpuse ontwikkel moet word. Sub-artikel 10 (a) van artikel 3 spreek dan ook die behoefte vir die ontwikkeling van hierdie tale aan. Die Grondwet beveel aan dat die Senaat 'n onafhanklike Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad in die lewe roep om respek te bevorder vir die beginsels genoem in subartikel 9 om die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse amptelike tale te bevorder. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad se verantwoordelikheid is egter nie beperk tot die ontwikkeling van die gekose amptelike tale nie. Om gestand te doen aan die fundamentele reg, soos uitgespel in subartikel 31, naamlik dat elke persoon die reg het om die taal van sy of haar keuse te gebruik, strek dié oorkoepelende Taleraad se verantwoordelikheid veel verder. Dit is ook verantwoordelik vir die bevordering van respek vir en die ontwikkeling van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe, Oerdoe en

ander tale wat deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, asook Arabies, Hebreeus en Sanskrit en ander tale wat vir godsdiensoeleindes gebruik word (subartikel 10 (c)).

Ten opsigte van taal en onderwys, is die Grondwet nie rigied wat betref die onderrigmedium nie, want die uitgangspunt is dat elke persoon die reg het op onderrig in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is (subartikel 32 (b)). Die reg om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdienst tot stand te bring, met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras mag wees nie. Hierdie maatreël (subartikel 32 (c)), sou onder andere geïnterpreteer kon word dat die Grondwet geen wesenlike beswaar het teen monolinguietiese skole nie. Hierdie uitgangspunt sou egter nie strook met die bevordering van veeltaligheid nie - 'n uitgangspunt wat sterk in die grondwet onderstreep word.



Die Suid-Afrikaanse Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die provinsies self oor sekere aangeleenthede wetgewing mag formuleer. Gedagtig aan die feit dat sekere tale in verskillende streke dominant is, word in die Grondwet voorsiening gemaak vir streekdifferensiasie met betrekking tot taalbeleid en -praktyk (subartikel 4). Subartikel 5 spel die mag waaroor provinsies in hierdie opsig beskik as volg uit: "n Provinsiale wetgewer kan, by besluit aangeneem deur minstens tweederdes van al die lede daarvan, enige taal in subartikel (1) bedoel tot 'n amptelike taal verklaar vir die hele provinsie of

enige deel daarvan en vir enige of alle bevoegdheids- en werksaamhede binne die bevoegdheid van daardie werkgewer, behalwe dat nóg die regte met betrekking tot taal nóg die status van 'n amptelike taal soos dit in die gebied of met betrekking tot enige werksaamheid ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Grondwet bestaan, verminder mag word". Volgens subartikel 8, maak die provinsiale wetgewer voorsiening vir die gebruik van amptelike tale vir doeleindes van "die funksionering van die owerheid, met inagneming van oorwegings van gebruik, doenlikheid en koste".

Ten opsigte van 'n *lingua franca* ('n gemeenskaplike taal), word geen taal eksplisiet deur die Grondwet uitgesonder om dié funksie te verrig nie.

Die bepalings soos uiteengesit in die Grondwet, sal vervolgens geëvalueer word aan die hand van die vier taalideologiese modelle.



5.3 'N EVALUASIE VAN DIE VOORGESTELDE TAALBELEID AAN DIE DIE HAND VAN TAALIDEOLOGIESE MODELLE

Wanneer die Suid-Afrikaanse taalbeleid in terme van die verskillende taalideologiese modelle - linguistiese assimilasië, linguistiese pluralisme, vernakularisering en internasionalisering - geëvalueer word, is dit moeilik om dit binne een model te giet.

Die strewe na nasionale eenheid en versoening tussen die mense van Suid-Afrika word gebou op 'n toekoms wat gevestig is op die erkenning van menseregte, demokrasie en vreedsame naasbestaan en ontwikkelingsgeleenthede vir alle Suid-Afrikaners (Staatskoerant, Januarie 1994:181). Dié breër politieke ideaal sou noodwendig implikasies vir die formulering van 'n taalbeleid inhou.

Die erkenning van menseregte beteken 'n erkenning van linguistiese verskeidenheid. Taalreg word beskou as "een van die fundamentele menseregte" (vergelyk Staatskoerant 1994). Die onderliggende taalideologiese beginsel wat hier geld is dié van linguistiese pluralisme: 'n model wat die bestaansreg van alle tale erken, sowel as die reg tot die handhawing en ontwikkeling daarvan op 'n gelyke basis.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die skep van ontwikkelingsgeleenthede vir alle Suid-Afrikaanse tale hou in dat hierdie tale nou hul regmatige plek kan inneem. Wat hieruit voortvloei, is dat die tale wel in berekening gebring is sodat die taalideologiese beginsel, vernakularisering, ook 'n onderliggende rol speel in die formulering van die taalbeleid.

Alhoewel Engels die taal van 'n beduidende groep Suid-Afrikaners is, verander dit nie daaraan dat Engels 'n uitheemse taal is nie. Die behoud van Engels as 'n ampstaal, bring die taalideologiese beginsel, internasionalisering, aan die orde.

Die feit dat geen taal deur die taalbeleid uitgesonder is om te dien as *lingua franca* nie, sou beskou kon word as 'n poging om in teorie te probeer verhoed dat linguistiese superioriteit, deur wetgewing, aan een taal verleen word. Só 'n keuse sou in die eerste plek noodwendig 'n negatiewe invloed hê op taalgebruikers se ingesteldhede ten opsigte van hul eie tale. 'n Situasië wat beslis nie sou strook met die aanname dat die taalbeleid gerig moet wees op die gelyke beregtiging van alle Suid-Afrikaanse tale nie. In die tweede plek bied só 'n keuse 'n goeie teelaarde vir 'n vorm van linguistiese assimilasië, omdat taalgebruikers die noodsaak vir die kennis van die dominante taal besef. In die lig van die strewe na 'n demokratiese bestel, waar daar geen plek vir enige vorm van verdrukking of diskriminasië is nie, sou die taalideologiese model van linguistiese assimilasië, vanweë die diskriminerende aard daarvan, gediskwalifiseer word.



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Die wyse waarop politici die veeltalige karakter van die Suid-Afrikaanse samelewing gehanteer het, leun swaar op die beginsels van die sosiolinguistiese teorie. Die blote feit dat die Grondwet 'n geskiedkundige brug wil wees tussen die verlede en die toekoms (Staatskoerant, Januarie 1994: 181), impliseer dat politici noodwendig rekening sou hou met sosiale faktore wat in die verlede tweespalt, konflik, lyding en ongeregtigheid tot gevolg gehad het. Taalbeleidsformulering vir 'n veranderde Suid-Afrika sou dus nie in isolasië met sosiale beplanning kon geskied nie. 'n Keuse vir linguistiese pluralisme sluit ook nou aan by die sosiolinguistiese teorie van taalbeplanning.

Dit is duidelik dat politici sover moontlik gepoog het om die taalbeleid 'n vergestaltung te maak van die politieke ideaal van demokrasie. Die taalbeleid kan getipeer word as 'n oop en demokratiese beleid. Dit beteken egter nie dat dié taalbeleid van kritiek gevrywaar is nie. Die suksesvolheid van 'n taalbeleid berus nie bloot op die Grondwet nie, maar veel eerder in die praktiese uitvoering daarvan.

Dié taalbeleid is egter nog nie geïmplementeer nie. Daarom kan die suksesvolheid daarvan nog nie beoordeel word nie. Niks verhoed egter dat die praktiese uitvoerbaarheid daarvan onder die loep geneem word nie.

5.4 'N EVALUASIE VAN DIE PRAKTIESE UITVOERBAARHEID VAN DIE NUWE TAALBELEID



UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

'n Meningsopname in *Bua* (1993: 29) toon dat daar weinig probleme gevind word met die teoretiese sy van die taalbeleid. Die praktiese uitvoerbaarheid daarvan word egter sterk bevraagteken. Peter Mtuze (1993: 29) stel dit pertinent, wanneer hy homself as volg uitlaat: "Theoretically, something good can come out of this. Where I suspect it is going to fall flat is on the practical side". Angie Ramarola (1993: 29) sluit hierby aan: "It is a good statement in that it recognises people's culture. It recognises people's language which means that it recognises the people who speak those languages as *bona fides*. But I think that it may not be very practical as it is". Wanneer Sydney Zotwana (1993: 29) gevra word om sý opinie, spreek

ook hý sy bedenkinge oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan uit.

Die wyse waarop dié taalbeleid geformuleer is, gee 'n aanduiding dat die implementering daarvan in die hande van Suid-Afrikaners self gelaat word. Die verwerking of realisasie van die taalbeleid hang af van diegene vir wie daar beplan is. So bring 'n evaluasie van die subartikels van die Grondwet aan die lig dat telkens waar dit gaan om die erkenning van die taalreg, die keuse aan die individu oorgelaat word. Die vraag is net, is die keuse wat mense maak noodwendig 'n eie of dalk 'n skynkeuse? Vergelyk Thompson (1984: 6). Die tendens wat onder veral Bruin Afrikaanssprekendes bestaan, naamlik om hul kinders in Engels op te voed, kan dien as illustrasie van 'n skynkeuse. Die keuse vir Engels mag oënskynlik 'n eie keuse wees. Die argumente daarvoor bewys egter die teendeel: die keuse vir Engels hou verband met die persepsie dat Engels die dominante taal van die veranderde Suid-Afrika sal wees en daarom voordele sal inhou.

'n Volgende punt van kritiek teen die taalbeleid, is dat dit nie 'n duidelike taalplan uitspel nie. Die gebrek aan 'n só 'n plan kan tot gevolg hê dat die beleid nooit werklik realiseer word.

Die nuwe taalbeleid het die status van Afrikatale verhoog. Die realiteit is dat dié tale tans negatief geëvalueer word. Die vraag is of dié statusverheffing sal lei tot 'n positiewe persepsie daarteenoor. Of is dit die taak van

Afrikataalsprekers om self verantwoordelikheid te aanvaar vir die uitvoering daarvan. Willemse (1993: 29) is van mening dat dit die taak van die verskillende taalsprekers is. Hy sien dit ook as die taak van die gemeenskap om 'n taaldrukgroep te ontwikkel. Ramarola deel sy mening: "cultural groups, like the DAC [ANC's Dept of Arts and Culture], will have to get involved in lobbying for implementation. NGO's must get in on it". Die noodsaak vir die ingryping van gemeenskapsorganisasies is groot, want die meerderheid inwoners van Suid-Afrika kan nog nie volwaardig aanspraak maak op demokratiese agentskap nie. Nie alle Suid-Afrikaners is genoegsaam bemagtig om die implikasies van 'n demokratiese taalbeleid, te hanteer nie (Morrow, 1989: 149). Die bemagtigingsproses deur gemeenskaps-en politieke organisasies is onontbeerlik. Die rol wat die regering moet speel in die realisering van die taalbeleid moet nie geringgeskat word nie.



Die mate waartoe Afrikaans in Suid-Afrika ontwikkel en bevorder is, is nie bloot toe te skryf aan die rol van die een of ander kultuurorganisasie nie. Inteendeel, die Nasionale Party-regering het toegesien dat 'n taalnasionalistiese bewussyn brandend gehou is. Die versterking van dié taalbewussyn sou gelyktydig 'n invloed hê op die negatiewe ingesteldhede van Afrikataalsprekers teenoor hul eie tale. Daarom is dit nie vreemd dat toe die Nasionale Party-regering in 1976 Afrikaans in skole wou afdwing, die stryd daarteen nie 'n stryd vir Afrikatale was nie, maar veel eerder 'n stryd vir Engels.

Dié gebrek aan 'n taalbewussyn onder Afrikataalsprekers kan tot gevolg hê dat daar weinig kom van die nuwe taalbeleid. Die suksesvolle verwerking daarvan sou dus ook gesetel wees in die mate waartoe Afrikataalsprekers psigies bevry kan word van die negatiewe ingesteldhede wat hul koester jeens hul tale. Dié negatiewe ingesteldheid is die gevolg van geslagtrelange proses van onder meer ideologisering en kolonialisasie wat gekulmineer het in wetgewing.

Daarom is die rol van regeringsliggame in die kweek van 'n positiewe ingesteldheid nie te betwyfel nie. Die regering van die dag sal moet toesien dat dit wat hul ten doel het verwesenlik moet word. Zubeida Desai (1993: 29) beklemtoon dan ook die belangrike rol van die regering in die praktiese toepassing van die taalbeleid: "On the question of implementing the policy, the state will have to play a crucial role. The state will have to invest resources into the development of African languages". Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat op voetsoolvlak daar nie 'n geweldige aandrang vir die ontwikkeling van inheemse tale is nie.

Die voordele van Engels is tot so 'n mate beklemtoon dat Engels de facto as *lingua franca* dien. Ten spyte van die verheffing van 11 tale is baie waarnemers van mening dat Engels uiteindelik die dominante taal sal word. Cluver (1993: 29) spreek juis die vermoede uit:

Everyone recognises that we have two agendas here. The policy does give equal chances, and gives people choices. But there won't really be

11 official languages. I think the long term agenda is that English will become the language of registration, and in effect, become the high status language.

Sydney Zotwana (1993: 29) huldig min of meer dieselfde standpunt: "The post-apartheid situation will enhance the status of English. When the spotlight isn't so much on ethnicity we will be looking for a language that is going to unite us and facilitate intergroup communication".

Gesien die stappe wat groot maatskappye soos Coca Cola op Suid-Afrikaanse Brouerye neem om slegs Engels op hulle produkte te gebruik, reageer die redakteur van dié taaltydskrif, Bua dat "11 official languages can easily be used as a smokescreen for monolingualism".

Gegee die geweldige groot mate van armoede en opheffingswerk wat politieke partye beloof, byvoorbeeld die rekonstruksieplan van die ANC, is dit hierdie navorser se vermoede dat die praktiese toepassing van die taalbeleid laer op die prioriteitslys afgeskuif sal word. Die toedrag van sake sal die posisie van veral Engels verder versterk en die ontwikkeling van die ander ampstale erg benadeel of ten minste geweldig vertraag.

Alhoewel die Grondwet elf tale tot ampstale verklaar, is die realiteit dat die nege Afrikatale nooit op 'n gelyke basis met Afrikaans en Engels kan meeding nie. Die persepsie dat Engels uiteindelik die taal van hoë status sal word, word dus verder deur die Grondwet versterk. Hierdie afleiding spruit

voort uit woordkeuses soos, "waar dit uitvoerbaar is" (vergelyk subartikels 3 en 6), telkens waar dit gaan om die bevordering van veeltaligheid asook die erkenning van verskeidenheid. In subartikel 8 word dit pertinent gestel dat "oorwegings van gebruik, doenlikheid en koste" altyddeur in ag geneem moet word, wanneer die keuse aan die individu oorgelaat word. Woordspelings soos hierdie is na my mening kontradiktories: aan die een kant wil die Grondwet 'n oop keuse stel, maar terselfdertyd die keuse beperk. In die lig daarvan dat Engels reeds op die hoë statusvlakke in die land as *lingua franca* dien, sou 'n praktiese keuse dikwels 'n keuse vir Engels wees.

Die vraag is: watter implikasies dit vir die keuse van 'n onderrigmedium inhou. Subartikel 32 (b) van die Grondwet word die individu se reg op 'n eie keuse uitgespel, met die verdere spesifikasie - "waar dit redelikerwys uitvoerbaar is". Met hierdie spel met woorde, wil die politici hulle vrywaar van kritiek, wanneer daar nie aan dié eise van individue voldoen kan word nie. Die nasionale regering mag die hantering van sodanige probleme in die hande van verskillende provinsies oorlaat. Opvoeding op alle vlakke, met die uitsluiting van universiteits- en technikonopvoeding, asook die taalbeleid en die reël van die gebruik van amptelike tale binne 'n provinsie, behoudens artikel 3, is twee van die wetgewende bevoegdhede van provinsies.

Die navorser voorsien dat, in die lig van die wetgewende bevoegdhede wat toegeken is aan provinsies (vergelyk BYLAE 6), verskillende tale in

verskillende streke of te wel provinsies die rol van ampstaalstatus sal bekle. Dít sal 'n invloed hê op die keuse van onderrigmedia vir die verskillende streke. Soos vroeër in aangetoon, hou die rol van 'n amptelike taal in dat dit in die onderwys óf as onderrigmedium ingespan óf bloot as vak aangebied sal word.

Die gronde waarop die keuses vir ampstale in onderskeie provinsies berus, word tot 'n mate in subartikel 5 uitgeklaar. Alhoewel dit nie in die Grondwet uitgespel word nie, kan die mate van dominansie (in terme van die aantal sprekers) moontlik ook 'n deurslaggewende rol speel. In die Wes-Kaapstreek byvoorbeeld, waar Afrikaans, Engels en Xhosa baie duidelik die drie dominante tale (in terme van die aantal sprekers) is, is die moontlikheid sterk dat dié drie tale as ampstale in dié streek sal funksioneer. Vir die onderwys in die Wes-Kaapstreek kan dit beteken al drie tale as onderrigmedium gebruik sal word. Waar die keuse op byvoorbeeld Xhosa as onderrigmedium val, sal Afrikaans en Engels bloot as skoolvakke aangebied kon word.

Die historiese ongelykhede tussen tale het implikasies vir die keuses in die onderskeie streke. Die reeds ontwikkelde en gevestigde tale sal inderdaad 'n voorsprong bo ander hê. Indien geen daadwerklike pogings aangewend word om dié ongelykhede reg te stel nie, is die handhawing van die status quo te voorsien.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN SLOT

Taalbeplanning vir veeltaligheid is baie duidelik nie 'n maklike taak nie. Taalbeplanning, soos vroeër aangetoon, behoort ten doel te hê om aan die taalbehoefte van alle inwoners van 'n samelewing te voorsien. Onderliggend gaan dit om mense en nie om tale nie. Om aan dié doel gestand te doen en om sover moontlik taalkonflik te vermy of totaal te elimineer, vra dat taalbeplanners in hul beplanning vir veeltaligheid met groot omsigtigheid te werke moet gaan.



Soos vroeër aangedui, geskied taalbeplanning egter nie in 'n sosio-politieke vakuum nie. Daarom sal vele sosio-politieke faktore noodwendig 'n beduidende rol te speel hê. Voorts kan taalbeplanning nooit waarde-vry wees nie en sal dit daarom altyddeur deur een of meer ideologiese beginsel onderlê word.

Taalbeplanning in veeltalige gemeenskappe is egter nie noodwendig taalbeplanning vir veeltaligheid nie. Die politieke beleid en die onderliggende politieke strewe sal noodwendig 'n invloed hê op die wyse waarop die veeltalige situasie hanteer sal word. Daarom sal die taalbeleid van 'n land (soos vroeër aangedui) 'n refleksie wees van die regeringsbeleid.

Die wyse waarop die veeltalige situasie in Suid-Afrika hanteer is, is 'n duidelike illustrasie van die relasie tussen politieke beplanning en taalbeplanning.

Die politieke beleid van Apartheid wat in wese 'n verdrukkende en diskriminerende vorm van wetgewing was, was ook vergestalt in die taalbeleid van die dag. Taalbeplanning in Suid-Afrika was toé nie taalbeplanning vir veeltaligheid nie. Die miskenning van die veeltalige karakter, deurdat hoë taalfunksies slegs toegeken was aan twee (Afrikaans en Engels) van die vele tale, is 'n genoegsame bewys daarvan. Die gevolg hiervan, soos vroeër aangedui, is dat die ander tale van Suid-Afrika agterweë gelaat is in die ontwikkeling daarvan. As sodanig moes dié tale 'n ondergeskikte rol speel, net soos die sprekers daarvan. Die gevolg hiervan was dat sodanige tale geen "nut" gehad het nie en het sprekers daarvan 'n negatiewe houding teenoor hul eie tale ontwikkel. 'n Poging van die Apartheidsregering om Moedertaalonderrig in te stel, was daarom met groot agterdog bejeen. Dit was gelees, soos vroeër aangedui, as 'n voortsetting van die verdeel-en-beheer beleid.

Die voortslepende politieke krisis in Suid-Afrika waar die strewe gerig is op die skepping van 'n bestel wat by uitnemendheid gekenmerk moet word deur sosiale en politieke gelykheid, sou noodwendig implikasies hê vir die bestaansreg van die diskriminerende talebestel van Apartheid. Die strewe om 'n regverdigde politieke bedeling het ook 'n strewe om 'n regverdigde bedeling ten opsigte van taal omvat. Daarom het die breër politieke strewe,

naamlik die bou van 'n Suid-Afrikaanse nasie, ook 'n beduidende invloed gehad op die wyse waarop taalbeplanners, hetsy akademici of agente van die hoofrolspelers, die veeltaligheid van die Suid-Afrikaanse samelewing hanteer het. Die strewe na 'n demokratiese bestel word dan ook vergestalt in die voorgestelde taalbeleid vir 'n veranderde Suid-Afrika, soos vervat in die Grondwet, wet 200 van 1993. Anders as in die verlede is taalbeplanning nou in Suid-Afrika, taalbeplanning vir veeltaligheid. Die veeltalige karakter daarvan word baie duidelik erken in die toekenning van die onderskeie taalfunksies.

Alhoewel 'n duidelike taalplan ontbreek, kan dié voorgestelde taalbeleid tipeer word as 'n oop, demokratiese beleid. Omdat die beginsel van gelykheid sentraal staan in enige vorm van demokrasie, veronderstel 'n demokratiese bestel 'n verhouding tussen gelykes (Morrow, 1989: 149). Morrow (1989) gaan voort en wys daarop dat, "... such relationships are rare in our kind of society ...". Aangesien dié taalbeleid se suksesvolle implementering in 'n groot mate afhang van diegene vir wie daar beplan is, kan die praktiese uitvoering daarvan negatief beïnvloed word deur die feit dat demokratiese agente in ons samelewing ontbreek. Inwoners van Suid-Afrika sal daarom ook geskool moet word in hoé om demokrasie te hanteer.

Om die sukses van dié taalbeleid te verseker, sal daar ook daadwerklik gekyk moet word na die psigiese bevryding van 'n groot gros van die Suid-Afrikaanse samelewing. Met ander woorde, daar sal gewerk moet word aan

maniere om mense te bevry van die negatiewe houdings wat gekoester word teenoor hul eie tale asook die ingesteldhede teenoor Afrikaanse en Engels. Daarom sal die Afrikatale net soos Afrikaans, bevry moet word van die ideologiese bagasie wat hulle as gevolg van Apartheid met hul saamdra. As sodanig moet Afrikaans bevry word van die etikettering as verdrukkerstaal en veeleerder gesien word as een van die vele Suid-Afrikaanse tale en dienooreenkomstig behandel word. Engels hierteenoor sal bevry moet word van die persepsie dat dit die taal van bevryding en status is. Ten opsigte van die Afrikatale sou die "bevryding" inhou dat sodanige tale gesien word as gelyke vennote van Afrikaans en Engels.

Vanweë die historiese erfenis sal doelgerigte en doelbewuste pogings aangewend moet word om die nege Afrikatale, wat naas Afrikaans en Engels tot amptelike taalstatus verhef is, intern te ontwikkel. Met ander woorde hul korpusse moet beplan word. Die skep van die nodige ruimte (Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad) is nie genoegsaam nie. Die regering sal moet toesien dat die voorgestelde taalbeleid tot uitvoering gebring word.

Die vorige taalbeleid, waardeur slegs twee tale verhef is tot amptelike status, het die versekering ingehou dat Suid-Afrikaners ten minste in twee tale kan opereer. Daarom sal die praktiese uitvoering van die voorgestelde taalbeleid na my mening ook moet beteken die bevordering van veeltaligheid. Instansies soos skole, tersiëre inrigtings soos universiteite, kerke en die massamedia (dit sluit onder ander koerante, radio, en televisie in) bied die

nodige moontlikhede om veeltaligheid te bevorder. Die veeltaligheid van die Nigeriese bevolking, is 'n bewys hoedat genoemde instansies suksesvol ingespan kan word.

Die erkenning van die linguistiese verskeidenheid deur die voorgeskrewe taalbeleid is egter geen waarborg vir linguistiese gelykheid nie. Die verlede het ons geleer dat die posisie of rol wat 'n taal in Suid-Afrika gespeel het, nou saamgehang het met die posisie van die sprekers daarvan. Om die wrange erfenis uit die verlede reg te stel, sal Suid-Afrikaners mekaar die hand moet uitreik om die ideaal soos vervat in die taalbeleid, in die prakryk te verwesenlik.




BRONNELYS

Adenkunle, M.A. 1972. *Sociolinguistic Problems of English Language Instruction in Nigeria*. In: Smith & Shuy, *Sociolinguistics in Cross-Cultural Analysis*. Georgetown: University Press.

Alexander, N. 1989. *Language policy and national unity in South Africa/Azania*. Cape Town: Buchu Books.

Alexander, P. 1968. *Some Linguistics Problems of Nation-Building in Negro Africa*. In: Fishman, J.A. et al. (eds.). New York: John Wiley and Sons, Inc.



Anderson, R. 1988. *Power and the Word: Language, Power and Change*. London: Paladin Grafton Books.

Appel, R & R. Muysken. 1987. *Language Contact And Bilingualism*. New York: Routledge & Chapman and Hall.

Bamgbose, A. 1984. *Mother-tongue medium and scholastic attainment in*

Nigeria. Prospects. 14: 87 - 93.

Belcher, R. 1987. *Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens*. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.). 1987. Pretoria: HAUM.

Bernstein, B. 1971/74. *Class, codes and control, Vol.1: Theoretical studies towards a sociology of language*. London: Routledge & Kegan Paul.

Beukes, A. 1992. Die vertaalberoep en taalbeplanning. In: R.Botha e.a. (reds.). *Spil Plus* (22). Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.



Brosnahan, L.F. 1963. *Some Historical Cases of Language Imposition*. In: Spencer (1963a). pp. 7 - 24.

Bua!: Formely Language Projects Review 8(4). December 1993. Salt River: NLP.

Claassen, G. N. & M.C.J. van Rensburg. (reds.). 1983. *Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Johannesburg:

Academica.


Cluver, A.de V. 1989. *Variables determining a language plan for Namibia.*

In: Du Plessis (ed.): 45-78.

Cluver, A.de V. 1990. *Namibia's new language policy. Africa Insight.* Vol.

20(3): 161 - 168.

Cluver, A.de V. 1991. *A System Approach to Language Planning: The Case of Namibia.* In: *Language Problems and Language Planning.* Vol. 15(1).



Cluver, A. de V. 1991. *Lesse uit Namibië.* In: *Perspektiewe op Taalbeplanning vir Suid-Afrika.* Swanepoel, P.H. & Pieterse, H.G. (reds.).

UNISA.

Cluver, A.de V. 1992. *Language Planning in Namibia: The Selection of an Official Language.* Herbet, R.K. (ed.). Wits

Cobarrubias, J. & J.A. Fishman. 1983. *Progress in Language Planning.*

Internasional Perspectives. The Hague: Mouton.

Cobarrubias, J. 1983a. *Language planning: the state of the art*. In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 3-26.

Cobarrubias, J. 1983b. *Ethical issues in status planning*. In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 41-85.

Coetzee, A. E. 1982. 'n *Heroriëntering van die begrip Standaardtaal*. In: *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 22(4), 271-289.



Cooper, R.L. 1989. *Language planning and social change*. Cambridge: Cambridge University Press.

Corson, D. 1990. *Language Policy Across the Curriculum*. Clevedon: Multilingual Matters Ltd.

Crawhall, N.T. (ed.). November 1992. *Democratically Speaking: International Perspectives on Language Planning*. Salt River: NLP.

Dada, A. 1985. *The New Language policy in Nigeria: Its Problems and Its Chances of Success*. In: Wolfson, N. & Manes, J. (eds.). New York: Mouton Publishers.

Desai, Z. 1993. In: Bua! December 1993. Salt River. NLP.

Das Gupta, J. 1971. *Religion, language and political mobilization*. In: Rubin, J. & Jernudd, B.H. (reds.): 53 -62.

Dirvin, R. 1987. *Metaphor and language policy in education*. In: Du Plessis & Du Plessis. (reds.). 1987. Pretoria: HAUM.



Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. November 1992. *The Viewpoint of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns on The Position of Afrikaans in a New Political Dispensation*. Pretoria: SAWEK.

Dittmar, N. 1976. *Sociolinguistics: A critical survey of theory and application*. London: Edward Arnold.

Du Pisani, A. 1982. Namibia: *From incorporation to controlled change*.
Journal of Contemporary African Studies. 1: 281 - 305.

Du Plessis, H. 1989a. *Die Afrikaanse taalgemeenskap*. In: Botha, T.J.R. et al. 1989, 468-482.

Du Plessis, H. 1989b. *Taalbeplanning*. Referaat gelewer te Taal en Stryd Konferensie te Durban. Ongepubliseerd.



Du Plessis, H. & T du Plessis. (reds.). 1987. *Afrikaans en taalpolitiek*. 15 opstelle. Pretoria: HAUM.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Du Plessis, H. 1989c. *Die teorie van taalbeplanning*. In: Du Plessis (ed.): 32 - 44.

Du Plessis, T. & M.C.J. Van Rensburg. 1986. *Die gesprek oor Afrikaans*. Deel 1. Bloemfontein: Instituut vir eietydse Geskiedenis, UOVS.

Du Plessis, T. (red.) 1989. *Language policy: addressing the national question*. LOGOS 9 (2).

Du Plessis, T. 1987. *Eietydse ideologiese groepering en die manipulasie van Afrikaans: 3 gevallestudies*. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.): 99-121.

Du Plessis, T. 1991. *Die evaluering van Taalbeplanningsprosesse en aanbevelings vir die oplossing van taalbeplanningsprobleme in Afrikaans*. Ongepubliseerde tesis. Bloemfontein.



Du Preez, J.M. 1983. *Africana Afrikaner, meestersimbole in Suid-Afrikaanse skole*. Alberton: Librarius.

Du Toit, A. 1987. *Taal, religie en nasionaliteit*. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.). 1987. Pretoria: HAUM.

Edwards, J. 1984. *Linguistic Minorities, Policies and Pluralism*. London: Academic Press.

Esterhuyse, J. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus.

Esterhuyse, J. 1987. *Die politieke taal van 'n Afrikaanse woordeboek*. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.). 1987. Pretoria: HAUM.

Fasold, R. 1984. *The Sociolinguistics of Society: Introduction to Sociolinguistics Volume 1*. England: Basil Blackwell Ltd.

Ferguson, C.A. 1968. *Language development*. In: Fishman, Ferguson & Das Gupta (eds.): 27-35.



Ferguson, C.A. 1977. *Sociolinguistic settings of language planning*. In: Rubin (et al): 9-29.

Ferguson, C.A. 1983. *Language planning and language change*. In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 29-40.


Fishman, J.A. (ed.) 1968. *Readings in the sociology of language*. The Hague:

Mouton.

Fishman, J.A. 1974a. *Advances in language planning*. The Hague: Mouton.

Fishman, J.A. (ed.) 1978. *Advances in language planning*. The Hague:
Mouton.

Fishman, J.A. 1968a. *Sociolinguistics and the language problems of
developing countries*. In: Fishman, Ferguson & Das Gupta (eds.): 3-16.



Fishman, J.A. 1968b. *Nationality-nationanism and nation-nationism*. In:
Fishman, Ferguson & Das Gupta (eds.): 39-51.

Fishman, J.A. 1974b. *Language planning and language planning research*.
In: Fishman (ed): 15-33.

Fishman, J.A. 1983b. *Progress in language planning: A few concluding
sentiments*. In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 381 - 383.

Fishman, J. 1988. *Language spread and language policy for endangered languages*. In: Lowenberg, Peter. *Language spread and language policy: Issues, implications and case studies*. (ed.). Georgetown University Round Table on languages and Linguistics. 1987. Washington, DC: Georgetown University Press.

Fishman, J. 1989. *Language & Ethnicity In Minority Sociolinguistic Perspective*. U.S.A.: Multilingual Matters Ltd.

Fishman, J.A. C.A. Ferguson & J. Das Gupta. (eds.) 1968. *Language problems of developing nations*. New York: John Wiley & Sons.



Garvin, P.L. 1973. *General principles for the cultivation of good language*. In: Rubin & Shuy (eds.): 102 - 112.

Gerwel, J. 1985. *Van Petersen tot hede: 'n kritiese bestekopname*. In: Smith, Van Gensen & Willemsse (reds.) 1985: 11 - 21.

Giliomee, H. 1981. *Afrikanermag: Opkoms en Toekoms*. Stellenbosch: UUB.

Giliomee, H. 1984. *Adapted strategies for the maintenance of White Rule*.
Bellville: University of the Western Cape.

Gleason, P. 1984. *Pluralism and assimilation: a conceptual history*. In:
Edwards, J. (ed.). 8: 221 - 254.

Gorman, T.P. 1973. *Language allocation and language planning in a
developing nation*. In: Rubin & Shuy (eds.): 72 - 82.



Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, no. 200 van 1993. 1994.
Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika, 15466. Januarie. Kaapstad.


Halliday, M.A.K. 1970. *Language Structure and Language Function*. In:
Lyons, J. (ed.): 140 - 165. Harmondsworth, England: Penguin Books, Ltd.

Halliday, M.A.K. 1972. *Explorations in the Functions of Language*. London:
Edward Arnold.

Harlech-Jones, B. 1990. *You taught me language: The implementation of English as a medium of instruction in Namibia*. Cape Town: Oxford University Press.

Haugen, E. 1966a. *Linguistics and language planning*. In: Bright, W. (ed.) 1966. *Sociolinguistics*. The Hague: Mouton: 50 - 71.

Haugen, E. 1966b. *Language conflict and language planning*. In: *The case of modern Norwegian*. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.



Haugen, E. 1969. *Language planning, theory in practice*. Cambridge, Mass. : Harvard University Press.

Haugen, E. 1971. *Instrumentalism in language planning*. In: Rubin & Jernudd (eds.): 281 - 289.

Haugen, E. 1983. *The implementation of corpus planning: theory and practice*. In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 269 - 89.

Haugen, E. 1985. *The Language of Imperialism: Unity or Pluralism?* In: Wolfson, N. Manes, J. (eds.): 3 - 15. New York: Mouton Publishers.

Jackson, L.A. 1974. *The myth of elaborated and restricted code.* In: *Higher Education Review.* 6(2). pp. 65-81.

Jernudd, B.H. & Das Gupta, J. 1971. *Towards a theory of language planning.* In: Rubin & Jernudd (eds.): 195 - 215.



Jernudd, B.H. 1977. *Language planning as a type of language treatment.* In: Rubin (et al): 41 - 54.

UNIVERSITY of the
WESTERN CAPE

Jernudd, B.H. 1983. *Evaluation of language planning: What has the last decade accomplished?* In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 345 - 378.

Joseph, J.E. 1981. *The standard language: Theory, dogma and sociocultural reality.* Ph.D. Dissertation. University of Michigan.

Karam, F.X. 1974. *Toward a definition of language planning*. In: Fishman (ed.): 103 - 124.

Kelman, H.C. 1971. *Language as an aid and barrier to involvement in the national system*. In: Rubin & Jernudd (eds.): 21 - 51.

Kloss, H. 1969. *Research Possibilities on Group Bilingualism: A Report*. Quebec: International Center for Research on Bilingualism.

Kloss, H. 1978. *Problems of language Policy in South Africa*. Vienna: Wilhelm Brauemüller.



Kotey, P.F.A. & H. Der-Houssikian. (eds.). 1977. *Language and Linguistic Problems in Africa*. Columbia, South Carolina: Hornbeam Press.

Labuschagne, E.C. 1980. *Die Geskiedenis en betekenis van die Afrikaanse Kultuurraad Pretoria, 1930 - 1980*. Ongepubliseerde Tesis. Universiteit van Pretoria.

Langenhoven, C.J. 1935. *My aandeel in die taalstryd*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Le Page, R.B. 1964. *The national language question*. London: Oxford University Press.

Malan, D.F. 1908. *Het is ons ernst*. Lesing voor die ATV van Stellenbosch, 13 Augustus 1908.

Malherbe, E.G. 1946. *The Bilingual School: A Study in Bilingualism in South Africa*. London: Longman's, Green & Co.



Malherbe, E.G. 1977. *Education in South Africa*. Volume 1 & 2. Cape Town: Juta & Co.

Mhkatshwa, S. 1989. *Taal en Stryd-konferensie*. Ongepubliseerde referaat. Durban.

Mkanganwi, K. 1992. *Language Planning in South Africa*. In: Crawhall, N.T. (ed.) 1992. Salt River: NLP.

Morrow, W. 1989. *Chains of Thought*. Johannesburg: Southern Book Publishers.

Mtuzze, P. 1990. *Toetreerede*. Rhodes-Universiteit, Grahamstad.

Nadkarni, M.V. 1991. *India: the emerging challenges*. New Delhi: Sage.



Neustupny, J.V. 1970 [1974]. *Basic types of treatment of language problems*. Linguistic Communications 1: 77 - 98.

Neustupny, J.V. 1983. Towards a paradigm for language planning. In: *Language Planning Newsletter* 9(4): 1 - 4.

Ngũgĩ wa Thiong'o. 1986. *Decolonising the mind. The politics of language in African literature*. London: James Curry.

Nienaber, P.J. 1950. *Brandwag vir ons taal - Die geskiedenis en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.*

Pretoria: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Nienaber, G.S. & P.J. Nienaber. 1962. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal.* Pretoria: Van Schaik.

Oke, D.O. 1969. *Towards a Homogenizing Language Policy.* Unpublished Paper. University of Ife, Nigeria.



Okonkwo, C.J. 1977. *Towards An Integrated Theory Of Language Planning (With Special Emphasis On Africa).* Ph.D. U.S.A.: University Microfilms International, Ann Arbor, Michigan.

O'Meara, D. 1983. *Volkskapitalisme: Class, Capital and Ideology in the Development of Afrikaner Nasionalism, 1934-1948.* Johannesburg: Raven.

Ousmane. 1983. *The last of the empire: a Sengalese novel.* London:

Heinemann.

Passin, H. 1968. *Writer and Journalist in the Transitional Society*. In:
Fishman et al. (eds.): 443 - 57.

Paulston, C.B. 1983. *Language planning*. In: Kennedy (ed.): 55 - 65.

Phillipson, R. 1992. *Linguistic Imperialism*. Oxford University Press. Oxford.



Pietersen, L. 1980. *Taalsociologie: Minderheden Tweektaligheid
Taalachterstand*. Nederland: Wolters-Noordhoff.


Ponelis, F.A. 1984. *Afrikaans binne meertalige verband*. In: Prinsloo & Van
Rensburg (reds.): 30 - 42.

Ponelis, F.A. 1987. *Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap*. In: Du
Plessis & Du Plessis (reds.): 3 - 15.

Posthumus, M.J. 1968. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal sedert 1925*. In: Van der Merwe, H.J.J.M. et al. *Afrikaans, sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: Van Schaik.

Prinsloo, K.P. & M.C.J. van Rensburg. (reds.) 1984. *Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms*. Pretoria: HAUM.

Prinsloo, K.P. 1984. *Taalbeplanning vir Suid-Afrika*. In: Prinsloo & Van Rensburg (reds.): 137 - 153.



Reagan, T. 1984. *Language policy, politics and ideology: The case of South Africa*. *Issues in Education* 2,2: 55 - 164.

Reagan, T. 1987. *Ideology and language policy in education: the case of Afrikaans*. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.): 133 - 139.

Rubin, J. & B.H. Jernudd. (eds.) 1971. *Can Language be planned?* Honolulu: University Press of Hawaii.

Rubin, J. & Jernudd, B.H. 1971. *Introduction: Language planning as an element in modernization*. In: Rubin & Jernudd (eds.) : xiii-xxiv).

Rubin, J. & R. Shuy. (eds.) 1973. *Language Planning: Current Issues and Research*. Washington, DC: Georgetown University Press.

Rubin, J. 1971. *Evaluation and language planning*. In: Rubin & Jernudd (eds.): 217 - 252.

Rubin, J. 1983. *Evaluating status planning: What has the past decade accomplished?* In: Cobarrubias & Fishman (eds.): 329 - 343.



Rubin, J. B.H. Jernudd., J. Das Gupta., J.A. Fishman., & C.A. Ferguson. (eds.) 1977. *Language planning processes*. The Hague: Mouton.

Rufai, A. 1977. *The Question of a National Language in Nigeria: Problems and Prospects*. In: Kotey, P.F.A. & Der-Houssikian, H. (eds.): 68 - 79.

Sachs, A. 1993. The ANC's language policy and the position of Afrikaans.
In: *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Vol 8(4).

Scholtz, J. du P. 1964. *Die Afrikaner en sy taal 1906-1975*. Kaapstad:
Nasionale Pers.

Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad:
Tafelberg.

Scholtz, G.D. 1978. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die
Afrikaner*. Johannesburg: Perskor.



Schuring, G. 1990. *Language Planning for a New South Africa*. Research
Lecture Pretoria HSRC. Cited in NLP Conference Handbook, 1991: 19.

Spencer, J. 1963a. *Language in Africa*. London: Cambridge University Press.

Spencer, J. 1971. *Colonial Language Policies and Their Legacies in Sub-*

Saharan Africa. In: Sebeok, T. (ed.), 7, pp. 537 - 547.

Steward, W. 1968. *A Sociolinguistic Typology for Describing National Multilingualism*. In: Fishman 1968: 531 - 545.

Steyn, J.C. 1987a. *Afrikanernasionalisme en Afrikaans*. In: Du Plessis & Du Plessis (reds.): 73 - 96.

Steyn, J.C. 1987b. *Trouwe Afrikaners: aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938*. Kaapstad: Tafelberg.



Steyn, J.C. 1991. Taalkroniek: Taalstatus, taalbeleid en taalregte. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30(4): 303 - 310.

Steyn, J.C. 1992. *Die behoud van Afrikaans as ampstaal*. In: Webb, V.N. (red.). 1992. Pretoria: J.C. van Schaik.

Tauli, V. 1968. *Introduction to a theory of language planning*. Acta

Universitatis Upsaliensis, Studie Philologiae Scandinavicae Upsaliensia, 6.
Uppsala: University of Uppsala.

Tauli, V. 1974. *The theory of language planning*. In: Fishman (ed.): 49 - 67.

Thompson, J.B. 1984. *Studies in the theory of ideology*. Berkley: University of California.

Thornburn, T. 1971. *Cost-Benefit Analysis in Language Planning*. In: Rubin & Jernudd (1971a): 253 - 262.



Tierney, J. 1982. *Race Migration And Schooling*. Holt, Rinehart And Winston. London.

Tollefson, J.W. 1981. *Centralized and decentralized language planning*. *Language Problems and Language Planning*. 5(2): 175 - 188.

Tollefson, J.W. 1991. *Planning Language, Planning Inequality: Language*

Policy in the Community. London: Longman.

Trudgill, P. 1983 [1986]. *Sociolinguistics: An Introduction to Language and Society*. Australia: Penguin Books Australia Ltd.

Ubahakwe, E. 1973. Towards a National Policy in Nigerian education. *Ikenga: A Journal of African Studies*. 2(1): 79 - 91.

Van den Berghe, P. 1968. *Language and Nationalism in South Africa*. In: Fishman et al. 1968: 215 - 224.



Van der Merwe, E.G. 1990. Taalbeplanning. *SA Tydskrif vir Taalkunde* 8(4): 185 - 193.

Van Rensburg, M.C.J. 1983. *Nie-Standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu*. In: Claassen, G.N. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.): 134 - 170.

Van Rensburg, M.C.J. 1986. Taalbeplanning vir Afrikaans: die rol van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 26(4): 255 - 265.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. *Soorte Afrikaans*. In: Botha, T.J.R. et al. 1989: 436 - 467.

Van Rensburg, M.C.J., L.T. Du Plessis, & A.H. Klopper. 1989. *'n Verkenning van Afrikaans: Gister*. Bloemfontein: Patmos.



Wardhaugh, R. 1986. *An Introduction to Sociolinguistics*. New York: Basil Blackwell Inc.

Wardhaugh, R. 1987. *Languages in Competition: Dominance, Diversity and Decline*. New York: Basil Blackwell Ltd.

Webb, V.N. 1991. *Konflik in die Suid-Afrikaanse samelewing, en die rol van taal*. Ongepubliseerde referaat, Universiteit van Pretoria.

Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: van Schaik.

Whitely, W.A. (ed.) 1971. *Language Use and Social Change: Problems of Multilingualism with special reference to Eastern Africa*. London: Oxford University Press.

Williams, G. 1986. Language planning or language expropriation? Review article. *Journal of Multilingual and Multicultural Development* 7(6): 509 - 518.



Wolfson, N. 1989. *Perspectives: Sociolinguistics and TESOL*. U.S.A.: Newbury House Publishers.

Wolfson, N. & Manes, J. (eds.). 1985. *Language of Inequality*. New York: Mouton Publishers.

Zotwana, S. 1993. Bua! December 1993. Salt River. NLP.